# Hoofstuk Vlll.

## Die Taak van die N.G.Kerk ten opsigte van die Onderwys in Rhodesië.

### 1. DIE TOEPASSING VAN DIE BEGINSEL VAN MOEDERTAALONDERWYS IN RHODESIË.

#### a. Die Uitvoering van daardie Beginsel.

In hierdie hoofstuk gaan dit nie om die besonderhede van 'n landswye stelsel van moedertaalonderwys uit te werk nie. Immers dit is ook nie die taak van die kerk nie.

Wat hier wel in breë trekke bespreek word, is hoedanig die N.G.Kerk in Rhodesië moet optree om 'n onnatuurlike, verkeerde, onopvoedkundige en negatiewe beleid van onderwys soos dit op die Afrikaanse kind betrekking het, te vervang deur 'n natuurlike, gesonde, opvoedkundig-en wetenskaplik- beproefde, positiewe beleid. Dit dan is ook die grootste taak wat die N.G.Kerk het ten opsigte van die onderwys in Rhodesië.

#### i. Huidige Maatreëls:

In die vorige twee hoofstukke (111,1V) is aangetoon hoedat die N.G.Kerk as enigste oplossing vir die denasionaliserende kerkskadende en onopvoedkundige Engels-medium skole, aparte volkseie „kerkskole" of C.N.O.-skole gestig of help stig het. Hoe en waarom hierdie skole doodgeloop het, is ook aangetoon. Langs veral twee ander weë het die kerk egter ingegryp in die opvoeding van die Afrikaanse kinders en daardeur geprobeer om 'n beperkte aantal vir kerk en volk te behou.

#### A. Daisyfield.

Een van die belangrikste inrigtings van die N.G.Kerk in Rhodesië op opvoedkundige gebied is die Daisyfield Kindertehuis wat as 'n Weeshuis te Bulawayo begin en toe na die spoorweghalte „Daisyfield" omtrent drie-en-dertig myl van Gwelo en ag-en-sewentig van Bulawayo af, die twee naaste dorpe, verskuif is.

Die N.G.Kerk het die versorging van wese en verwaarloosde kinders reeds sedert die stigting van die volksplanting aan die Kaap as deel van sy roeping ge-

voel. Eers is die „administratie, educatie en alementatie," van die kinders as deel van die „vaderlijke erfenisse" die Diakonie opgedra,[1] maar in 1814 het die kerk die eerste Weeshuis gestig, waarin onderneem is om arm „blanke, nie onegte kinders, wat hulle ouers verloor het, of deur hul ouers nie onderhou kan word nie of verwaarloos word, op te neem, te verpleeg en vir hul toekoms na vermoë te sorg."[2]

Die belangstelling en reddende hand van die Kerk in Rhodesië in dié verband was dan ook slegs die natuurlike gevolg van die beskermingsbeleid wat die N.G. Kerk ten opsigte van sy eie (of ander) dooplede gehuldig het. Maar veral sy eie, aangesien vir die weeskind die deure van alle kerke oopstaan, en die gevaar bestaan het dat wanneer hy deur 'n ander kerk versorg word, hy vanselfsprekend lid van daardie kerk word. Dit wou die N.G.Kerk, waar daar alreeds soveel ander geleenthede was wat kerkloosheid in die hand gewerk het, verhoed, en daarom het die eerste predikant van Bulawayo, ds. J.N.Geldenhuys, kort na sy aankoms besluit om die kwessie van die verwaarloosde kind onder die aandag van die Bulawayose Kerkraad en die Sinode te bring. In 1906 het hy die beskrywingspunt dat „De Sinode besluite eene kost- en industriële school te Bulawayo op te richten, ten einde de armblanke van Rhodesië of gratis of zoo goedkoop mogelijk naar het geval mocht zijn te laten opleiden" verdedig, asook 'n voorstel dat hulp uit die Beit-fondse vir so'n inrigting aangevra moes word.[3] Op die kerklike konferensie van die Rhodesiese gemeentes in 1907 is veral op sy aandrang besluit dat uit die „Opvoedingsfonds" wat in die lewe geroep is, 'n kosinrigting te Bulawayo vir „Hoër of Industriële Onderwys" opgerig sou word. Die sinodale kommissie het egter besluit dat hulle geen vrymoedigheid gehad het om die stigting van so'n skool aan te beveel nie, aangesien die koste te hoog sou loop en ook nie solank

1) Spoelstra: Bouwstoffen II, 310, 311.
2) P.Greyling: N.G.Kerk en Armsorg, 159.
3) Acta Synodi: 1906, 10.

„de bydragen van de gemeenten der kerk voor Rhodesische scholen niet meer toereikend waren."[1] Dié kommissie het daarop aanbeveel dat die kerk met die stigting van een of meer eenvoudige „kostscholen, alwaar de kinderen van ouders die veraf wonen, gehuisvest kunnen worden" moes begin.[2]

Soos reeds gesien, was dit juis gebrek aan fondse wat die bestaande „kerkskole" tot 'n einde gebring het, en daarom was die Sinodale kommissie dan ook met reg huiwerig om met nog 'n nuwe skool te begin. Die moontlikhede vir opvoeding wat daar wel bestaan het by die bymekaarbring van verwaarloosde kinders, het die kommissie, net soos Pestalozzi,[3] egter wel deeglik besef.

Ds. Geldenhuys het dan ook dadelik daarop gereageer; en toe deur toedoen van die A.C.V.V. eerw. A.J.Botha as hulpleraar na Bulawayo gestuur is (1909), is dadelik met die organisering vir die huisvesting van 'n klompie verwaarloosde weeskinders te Bulawayo begin. „Mijn doel is een inrichting daar te stellen voor weezen en verwaarloosde Blanke kinderen, een toevluchtsoord waar ze verzorgd en Christelijk opgevoed zullen worden; en tevens ook opgeleid zullen worden tot een of ander werkt, of amb, om later in staat te zijn voor zichzelven te kunnen zorgen,"[4] het ds. Geldenhuys verklaar. Hy het met die insameling van fondse begin en toe dié ongeveer 'n £1000 beloop het, is 'n erf vir £350 langs die N.G.Kerk te Bulawayo aangekoop en op 30 Januarie 1911 is die weeshuis daar met 8 kinders begin. Eerw. Botha is as huisvader aangestel deur die kerkraad wat verder 'n komitee benoem het om toesig te hou oor die inrigting. Aangesien hierdie komitee besluit het om kinders ook onder hulle sorg te neem aanwie die ouers nie instaat was om 'n goeie opvoeding tuis te verskaf nie, was al die kinders in die eerste plaas nie wese nie. Egter het aansoeke om opname in die weeshuis van heinde en ver ingestroom, en

1) Acta Synodi: 1909, Bylae 42.
2) Idem.
3) Vgl. Meiring: Pestalozzi, 39.
4) Kerkbode: 1.9.1910.

moes die „direksie" van die weeshuis die versoeke van ouers wat in die vermoë was om hul kinders elders te stuur, weier. Die gewildheid van die inrigting kan begryp word as onthou word dat die kerkskole so pas gesluit en die staat in ieder geval nog nie met sy skema van sentrale koshuise begin het nie.

Met die Regering het die direksie ooreengekom dat die kinders aan die weeshuis die openbare „Primary School" sou bywoon, maar dat die direksie (1) „'t recht heeft om Hollandsch onderwijzers te benoemen die in't weezhuis lozeeren zal, en op haar zal nemen de studie uren van de Inrichting; (2) dat er voldoende Hollandsche onderwys zal gegeven worden in de Primary School."[1]

Dit het egter al spoedig geblyk dat daar geen „Hollands" in die „Laerskool" ingevoer is nie en ook dat geen onderwyser aangestel is nie, sodat die kerkraad en direksie hul verplig gevoel het om in te gryp. Na die vertrek van ds. Geldenhuys het ds. J.A.v.A.Smuts in 1912 met die direksie die aanstelling van 'n „Hollandse" onderwyseres bespreek „hetzij privaat, hetzij in de primary school en haar uit de weeshuis fondsen te salariseeren."[2]

In dieselfde jaar nog is mej. M.Hauptfleisch as 'n „Hollandse" onderwyseres deur die direksie aangestel en is mnr. J.Honnibal en mej. G.Steyn met die opening van 'n Weeshuisskool belas. Dog dit was geldelik onmoontlik[3] vir die direksie om die skool te bly onderhou, dus is die regering gevra om mej. Hauptfleisch in die staatskool op te neem. Dit is goedgekeur. Die Weeshuisskool self sou deur die regering oorgeneem word maar die direksie het daarop gestaan dat een uur per dag aan onderwys in Hollands moes gewy word en dat die onderwyser deur die weeshuis benoem moes word. Die onderwysdepartement het die voorwaardes aangeneem.[4]

1) Vgl. Notule: N.G.Kerk Bulawayo, 401, 22.7. 1912.
2) Notule: N.G.Kerk Bulawayo, 22.7.1912.
3) Vgl: D.F.Malan: Naar Congoland, 23.
4) Notule: N.G.Kerk van Bulawayo, 17.8.1912.

Nou kon weer meer aandag aan huisvesting bestee word en so vinnig het die getalle toegeneem dat 'n perseel langs eerw. Botha se huis aangekoop en 'n deel van die pastorie gehuur is. Kinders is selfs tot in die badkamer gehuisves.

Uitbreiding het so noodsaaklik geword dat die direksie besluit het dat geskikte grond van die stadsraad of regering gekoop moes word om 'n nuwe weeshuis te bou, en op 13 Oktober 1913 is voorgestel dat na 'n geskikte plaas verhuis moes word. Ds. Smuts het self op sy trapfiets die 2000-morge plaas te Daisyfield deurgery, en omdat daar teen Desember 1913 nog geen bevredigende antwoord van die regering met betrekking tot verbetering in die onderwys van Hollands aan die plaaslike skool ontvang is nie, is met algemene stemme besluit om na die plaas te verhuis en met 'n Weeshuisskool te begin.[1] Aangesien die spoorweghalte op die plaas was, was vervoer daarheen maklik en het eerw. Botha self gedurende die vakansies begin met die breek van klippe, die maak van stene en aankoop van boumateriaal. Na ds. Smuts se skielike dood in 1914 is daar getwyfel of met die werk voortgegaan sou word. Dog vanuit alle oogpunte beskou, het die Bestuur gevoel dat dit wel die moeite werd was. "Aan die Bestuur was geen vryheid gelaat om hulle ideale op opvoedkundige, kulturele en godsdienstige gebied na te strewe nie. Die seuns is verplig om op Sondae deel te neem aan kadette-dril, in die skool is geen voldoende voorsiening vir godsdiensonderwys en niks vir die onderrig van Afrikaans (destyds Nederlands) en Suid-Afrikaanse Geskiedenis gemaak nie."[2] "Dit is gevoel dat 'n stad met sy beperkte ruimte en eiesoortige verleidings nie die mees geskikte sentrum is vir die voortbestaan van 'n inrigting vir ons Afrikanerkinders nie, negentig persent waarvan afstammelinge is van mense wat alreeds vir geslagte gewoond was aan die vryheid van die plaaslewe. Ons glo dat boerdery die ruggraat van 'n land is en dat die

1) Notule: Daisyfield, 11.12.1913.
2) A.F.Louw in Inspan: Julie 1943, 5.

Afrikaner 'n uitstekende boer maak. Om hierdie rede het die Bestuur gevoel dat die inrigting op so'n plek opgerig moes word waar boerdery 'n vername rol in die kind se lewe kan speel. Verder is dit goedkoper om 'n inrigting op die platteland te onderhou. Die inrigting kan sy eie groente kweek, eie koeie melk en homself voorsien van slagvee."[1] Daar is aan die werk gespring en vanaf 13-19 Augustus 1914 het die waens op die terrein wat met vlae versier was, saamgetrek, en is op 15 Augustus 1914 die hoeksteen van die gebou deur ds. Geldenhuys gelê.

In verband met die skool verbonde aan die weeshuis het die direksie besluit dat "men zich gewillig verklaart om ondersteuning van de regering te gragen op Gouvernement stelsel van onderwys, met de uitzondering dat de regering ons 't recht zal geven om onderwijzers in verband met de school te benoemen," en om daarom ook die twee onderwysers wat die direksie reeds vir die skool benoem het, deur die regering te laat aanstel.[2] Die regering het die voorstel aangeneem en aan die hand gedoen dat die skool onder 'n skoolkomitee moes staan.[3]

Toe die staatskool dan ook in 1915 daar as deel van die weeshuis tot stand gekom het ("the government at once assumed responsibility for the education of children resident in it and appointed a staff of three teachers")[4], was dit onder die definitiewe voorbehoud dat die direksie wat as beherende liggaam deur die kerkraad van Bulawayo aangestel is, die lede van die onderwyspersoneel mag aanwys. Die onderwysdepartement sou hulle dan aanstel en salarieer. Dit het die direksie verder vrygestaan om by die aanstelling van onderwysers die persone uit te kies wat simpatiek gestaan het teenoor die opvoedkundige, kulturele en godsdienstige ideale ter bevordering waarvan die Inrigting bestaan het. Afrikaans is in 'n mate vanaf die substanderds af as vak toe-

---

1) Gedenkboek: Daisyfield Weeshuis, 1914. Vgl. ook: Fairbridge: Pinjarra, XLV.
2) Notule: Weeshuis: 7.1.1915. Notule: N.G.Kerk Bulawayo, 31 Oktober 1914.
3) Idem.
4) Report Director of Education, 1915.

gelaat, en hoewel Engels die enigste onderwysmedium volgens eis van die landswet moes bly, kon die onderwysers waar dit nodig is, Afrikaans gebruik om die nodige verduidelikings te gee.[1)]

„As vrug van hierdie toegewings het daar te Daisyfield die enigste skool in die land ontstaan waarin 'n opvoedkundige, sowel as 'n kulturele en godsdienstige atmosfeer geheers het wat simpatiek gestaan het teenoor die ideale van die Afrikaners op die gebied."[2)] Die doel en strewe van die stigters om die verwaarloosde kinders weer vir volk en kerk terug te wen, kon dan ook op die skool meer as op enige ander skool tot sy reg kom. „Die werk te Daisyfield is begin .....deur hulle wat glo dat die grootste gawe aan die kind gevind moet word in die ontwikkeling van 'n christelike karakter. So is daar die eerste en belangrikste van alle werksaamhede van die Inrigting, die rol wat ons kerk speel in die lewe van seuns en dogters deur hulle saam te bring in Godshuis vir aanbidding en onderwysing deur die Heilige Gees. Die hoofdoel van die Inrigtings is dus nie net om die kinders deur middel van voeding en kleding, geluk en gerief te verskaf nie, maar om hulle na die Heer te bring, hulle op te voed en hulle bekwaam te maak sodat hulle weldra in staat kan wees om ook sedelik toegerus te wees vir die lewe wat hulle as waardige en onafhanklike burgers van hierdie landstreek wag. Die seuns en dogters wat die inrigting verlaat, het gewoonlik geen ouers of vriende wat in staat is om hulle van 'n behoorlike werk te voorsien nie. As hulle dus sukses wil behaal, hang dit alleen van hulle eie bekwaamhede af, en dit verplig die Inrigting om die seuns en dogters 'n praktiese opleiding te gee sodat hulle vir hulleself kan sorg as die tyd aanbreek. Hierdie oorwegings het die Inrigting daartoe beweeg om voorsiening te maak in die opleiding van sy kinders vir verskillende ambagte en

---

1) Vgl. Zambesi Ringsblad, Oktober 1944, 10; Huisgenoot 9.3.1945, 10.5.1946, Inspan Julie 1943, 5.
2) A.F.Louw, Inspan Julie 1943, 5.

handwerk soos huishoudkunde, modemakery, ens. vir dogters en boerdery, leerwerk, stoffeer - kuns, skoenmakery en houtwerk vir seuns."[1)]

Dit is lig te begrype dat die kerkraad van Bulawayo nie die aandag aan hierdie weeshuis en skool met 81 leerlinge (1915) kon wy nie. Binne sowel as buite Rhodesië het belangstellende ondersteuners gevoel dat daar verandering moes kom in die wyse waarop die Inrigting bestuur is, meer bepaald in die vorm van 'n bestuurende liggaam verteenwoordigend van die hele N.G.Kerk in Rhodesië wat oor die gees en rigting van die skool en die gehalte van die werk toesig kon hou. Aan die begin van 1917 is besluit dat daar 'n Bestuur vir die Inrigting saamgestel moes word uit die predikante van die gemeentes van Rhodesië plus twee lede uit die direksie self (wat bestaan het uit vyf lede deur die kerkraad van Bulawayo benoem.) Deur dié reëling is al die lede van die N.G.Kerk in Rhodesië bewus van hul verantwoordelikheid teenoor die Inrigting gemaak.

Hierdie Bestuur het dadelik begin met pogings om die meer as £4000 skuld uit te delg en het hom in 1917 tot die Inwendige Sendingkommissie (Algemene Armsorg) gewend om hulp of moontlik oorname van die Inrigting. „Het bestuur wil het Kinder-Tehuis te Daisyfield niet beschouwd hebben als een Inrichting behorende alleen tot de gemeente Bulawayo of tot de vijf gemeentes in Rhodesië, maar als een Instituut behorende tot die gansche N.G.Kerk. Want wat het Tehuis vandag is, is grotendeels te danke aan de milde bydragen die sedert 1910 door vrienden uit de zuiden ons zijn toegezonden."[2)]

Dit was egter nie moontlik nie en Daisyfield moes in al die moeilike omstandighede van gebrek aan fondse en voedsel self voortgaan, egter met behulp van 'n £1000-skenking en £2000-lening van die Inwendige Sendingkommissie - wat weer geneem is om die verband op die grond af te betaal. Omdat ook die finale skenking

1) Gedenkboek: Daisyfield-Weeshuis 1914-1935, 7.
2) Kerkbode: 1917, 135.

van £1700 (en £500 later) van die kommissie deur die Bestuur gebruik is vir 'n gebou waar meer Tegniese en Industriële onderwys gegee kon word, was kontant geld uiters skaars.

„Armkoshuise" was in ieder geval weens die besondere omstandighede wat in Suid-Afrika en Rhodesië geheers het, werklik arm en die Inspekteur van skole, 1917, was gladnie tevrede met die uitbreiding van die skool totaal buite sy perke of vermoë nie. Kinders is opgeneem sonder dat genoeg voorsiening vir hulle gemaak kon word en feitlik in alle opsigte is kritiek uitgeoefen op die „Weeshuis": die beddens was te min, die geboue te klein vir meer beddens, daar was onvoldoende bad-fasiliteite, water was in ieder geval skaars op die plek, en op die diep boorgate is windpompe opgerig wat van die wind afhanklik was om water vir die hele inrigting te verskaf. Spele is nie aangemoedig nie, slaapure was te min, kadette is veronagsaam en gesondheidsdienste was onvoldoende, (die naaste gratis dienste was te Gwelo meer as dertig myl daarvandaan). So onbevredigend was die toestand dat die Administrasie van die land gedreig het om alle ondersteuning terug te trek nadat inspekteur Lenfesty rapport uitgebring het (Feb.1918.) 1)

Uit die goed-gehoue notule van die Inrigting blyk intussen dat die plaas ook nie die sukses was wat van hom verwag is nie. Baie min het van die boerdery-afdeling ingekom, sodat dit nie lonend was om 'n opgeleide deskundige aan te stel nie. Die grond was klipperig en onvrugbaar en die winterkoue op die hoogvelde het winteroeste onmoontlik gemaak.

Die kollektereise moes ook wel baie mense laat twyfel het aan die wenslikheid van die voortbestaan van die inrigting. Die personeel het gekla oor die knellende reëls van die Bestuur. Die vakopleiding in die timmer, skoenmakery - en boerderyafdeling het ook nie die gewenste resultate gelewer nie, sodat ds. Gel-

1) Sien Notule, Daisyfield, Junie, 1918.

denhuys hom die opmerking laat ontgal het dat die kinders wat die Inrigting verlaat, nog onbekwaam was vir die wêreld. Wanneer hulle aan die einde van std. V11 die skool verlaat, het almal die ouderdomspeil bereik, maar sekerlik nog nie die volledige opvoeding om as 'n groep hul plek in die samelewing in te neem nie. Hy was van mening dat 'n koshuis vir die betalende kinders opgerig moes word, sodat ouers wat dit verkies, hulle kinders 'n hoër opleiding kon verskaf, aangesien die Inrigting nie nog kinders kon huisves wat verder wou studeer of reeds die ouderdomsgrens of die hoogste standerd V11 bereik het nie. Hy het die ideaal van minstens 'n Junior-sertifikaateksamen te Daisyfield aan die Direkteur van Onderwys voorgelê, en sou ook die Helpmekaar vra om steun vir so'n voorgestelde koshuis te gee.1)

Ondanks al die moeilikhede het die Direksie egter moed gehou, verbetering beloof en nie die bydraes van die Regering verbeur nie. In 1919 het die gemeentes van Rhodesië hulle saamgesnoer in die "Ring van Bulawayo", en met gerevideerde reglemente het die liggaam as voog van die Inrigting opgetree en weer die kwessie van middelbare opleiding bespreek. 'n Nuwe gebou is vir die doel opgerig en in 1924 het die Ring besluit om 'n std. V111 te begin veral toe daar geblyk het dat die Regering net twee kinders wat std. V11 te Daisyfield afgelê het, in Gwelo kon opneem.

Die Departement het die poging nie geopponeer nie maar daar was soveel onkoste aan verbonde dat die klas na 'n jaar weer moes sluit......ondanks die kollektetoer van die Direkteur. Met die koshuis vir betalende kinders is egter in 1925 begin en 'n "tegniese" kursus van twee jaar (later verleng tot drie) is ook daardie jaar ingevoer.

Met die oorname van die Rhodesiese gemeentes deur die Vrystaatse kerk is 'n begroting ook vir Daisyfield opgestel en kon heelwat van die skuld afbe-

1) Notule: Daisyfield, Junie 1919.

taal word.

Toe daarna deur die Departement gevra is dat hospitaal-fasiliteite vir die kinders verskaf moes word en die Algemene Armsorg £800 vir die doel beloof het, is met 'n doelmatige hospitaalgebou begin en 'n gekwalifiseerde verpleegster aangestel.

Ook het die kerkraad van Gwelo in wie se ressort die Inrigting geval het, gebruik gemaak van die aanbod van 1 morg grond van die Bestuur om 'n kerkie vir die weeshuis te bou sodat vanaf 1930 die dienste nie meer in die skoolsaal gehou is nie. Die ou skoolsaal het in ieder geval in 1933 plek gemaak vir 'n sierlike „Beit"-saal waarvan die meeste houtwerk deur die seuns self gedoen is.

Vanaf 1931 reeds het die Regering belowe om ook die koshuis vir betalende kinders te ondersteun en het ds. J.Driesscher die gulle ondersteuning van die Noord-Rhodesiese administrasie verkry, met die gevolg dat daardie kolonie dieselfde ondersteuning aan Noord-Rhodesië kinders as die onderwysdepartement van Suid-Rhodesië gegee het. (Die kinders uit die Belgiese Kongo of Portugees-Oos-Afrika gebied is geen hulp uit daardie landstreke toegeken nie.)

So het die Inrigting stadig gegroei, nog meer kinders getrek, en in 1934 deur die Regering as 'n gesertifiseerde inrigting onder die „Kinderbeskermings-Akte" geregistreer. By die mondigwording van die Weeshuis (1935) het die voornoemde Inspekteur Lenfesty hom dan ook soos volg uitgelaat oor die ontwikkeling van die Inrigting: - „From the small and unpromising beginnings and always suffering from the handicap of financial recourses, the industrial occupations have grown to the stage at which they can earn unqualified praise from all quarters. In this, my last official report before my retirement, I must pay tribute to the work of the superintendent, the Rev. A.J.Botha, who started in Bulawayo with a small family of orphans and destitutes and has

now the care of this large family of nearly 200 children, two-fifths of whom are in the orphanange, and who are dependent for their future upon their Superintendent and the good friends and fellow-helpers he has gathered around him. It is a splendid life-work inspired by the love of the child, and of the child in his need and distress, and it cannot but awaken in the soul of anyone like-minded a whole-hearted sympathy."[1] En dié Inspekteur wat reeds byna twintig jaar lank inspeksiewerk daar gedoen het, kon wel met gesag praat.

Ook op die sinodale vergadering van die Vrystaatse Kerk is in 1937 getuig nie alleen van die opofferende werk van di. Geldenhuys, Smuts en eerw. Botha nie, maar ook van die groei en werk van die Inrigting en die hartlike wyse waarop die Departement die onderwys in die Weeshuis gesteun het. Om die finansiële moeilikhede waarmee die Inrigting nog steeds te kampe gehad het, te probeer verhelp, het die sinode besluit dat een gemeente uit elke Ring aangewys moes word om die Inrigting te ondersteun, sodat „langs die weg die gemeentes van die sinode ook verbind sal word aan die Noorde, en Daisyfield gehelp kan word."[2] Daarna het 'n nuwe „lente" vir die Inrigting aangebreek sodat die „inkomste" op een stadium werklik die uitgawes oortref het. Die Departement het die toelaes vir die weeskinders vermeerder, die Ringskommissie het die kerkie ten gunste van die Weeshuis van die Gwelo-gemeente oorgeneem, die Junior-Sertifikaat is weer vir die skool - wat die naam Daisyfield Pionierskool aangeneem het, -ingestel en die toekoms was rooskleurig. Die getal betalende kinders het die res oortref en het getuig van die behoefte waarin die Inrigting voorsien het.

Maar trots die verklaring van die genoemde Inspekteur dat die Inrigting van groot waarde vir die staat was, trots die aanwassing van die getal kinders wat tot bewys gedien het van die besondere plek wat die

1) Report: Inspector of Schools, 22.4.1936.
2) Acta Synodi: 1937, 19.

Inrigting in die lewe van die Afrikaanse volk ingeneem het, ondanks ook die feit dat een van die belangrikste toegewings, moedertaal-onderwys tog nog nooit gemaak is nie, maar die Engelsmedium nog volgens landwet in ere gehou is, het daar 'n skielik beleidsverandering na die Fox-verslag van Departementsweë plaasgevind. Aanvanklik het die stryd ontbrand teen die sogenaamde „moderne"-onderwys wat deur die regering ingevoer is. Een van die vernaamste reëlings was dat akademiese, tegniese en moderne onderwys waar moontlik in aparte skole moet wees. Eersgenoemde was tot die stedelike hoërskole en, die tegniese onderwys tot die Tegniese skool, Bulawayo, beperk sodat daar vir Daisyfield geen alternatief was anders as om „modern" te word nie - met ander woorde in laerskool met 'n „Modern Top." Dit was dan ook die beleid wat die owerheid wou hê dat die Inrigting moes volg, dog die Bestuur wou hierdie ingryping in die wese en beleid van die skool waar reeds 181 „betalende" teenoor 90 sorgbehoewende kinders was, nie sonder meer aanneem nie. Die skoolkursus het reeds tot by std. IX uitgebrei en daarmee is middelbare onderwys ook binne die bereik van die minderbevoorregte Afrikaanssprekende geplaas. Soveel van die leerlinge het van hierdie voorreg gebruik gemaak dat 'n hele paar van die praktiese afdelings gesluit moes word, by gebrek aan 'n voldoende aantal leerlinge. So'n kursus het diegene wat wou, in staat gestel om byvoorbeeld na die Unie van Suid-Afrika te gaan na hul in std. VIII geslaag het, om 'n tweejarige matrikulasie-kursus te volg.[1] Volgens die moderne kursus sou daar geen voorbereidende vakke spesiaal vir matrikulasie gedoseer word nie, sodat die Afrikaanse kind verstoke sou bly van die akademiese opleiding waaraan daar juis so'n behoefte was.

Uit die argief en notule van die Inrigting blyk dan ook hoe 'n openlike stryd tussen die Bestuur en die Departement ontbrand het, en hoedat laasgenoemde

---

1) Vgl. Inspan: Maart 1945, 5.; Notule, 1939-42.

meer en meer onsimpatiek teenoor die Inrigting gestaan het. Teen 1942 het die klem van die „moderne" kursus verskuif na 'n baie belangriker terrein, waar die eise van die Departement wat feitlik in die vorm van ultimatum aan die Bestuur gerig is, kortliks op die volgende neergekom het:[1] Die Bestuur moes die reg wat hulle sedert die ontstaan van die Inrigting geniet het, naamlik om die lede van die onderwyspersoneel aan te wys, prysgee. Die regering het nie gewaarborg dat hulle slegs persone sou aanstel wat teenoor die ideale van die Inrigting simpatiek gestaan het nie. Hulle het gevra dat 'n groot deel van die staf Engelssprekend sal wees, met die oog op die verbetering van die gehalte van die onderwys van Engels. Die Ring het hierdie beginsels geredelik toegegee en toegestem dat die Departement soveel soos twee Engelssprekende staflede kon aanstel – genoeg vir die onderwys van Engels as vak. Maar verder het hulle hul voorneme te kenne gegee om 'n Engelssprekende prinsipaal aan te stel wat nie eers Afrikaans hoef te verstaan nie.[2] Ook sou 'n groot aantal van die ander staflede Engels wees en kon die Onderwysdepartement ook lede van die skoolstaf na willekeur verplaas.

Nou dien gesê te word dat wanneer die prosedure wat in ander skole in die land geheers het, met die van Daisyfield vergelyk is, die Departement seker die „reg" gehad het om so'n eis te stel in soverre hulle die volle salarisse van die onderwysers op al die skole betaal het. Maar die oud- en die toenmalige Direkteur, di. H.Botha en A.F.Louw, het daarna in 'n beredeneerde skrywe aangetoon wat die resultaat van so'n handelswyse sou wees.[3] „Hierdie eise" het ds. Botha, geskryf, „het die doel waarvoor die Daisyfield-Inrigting bestaan, in sy kern getref. Sodra die reg om die Onderwyspersoneel aan te beveel, uit die hande van die Direk-

1) Vgl. Notule: Ring van Bulawayo, Mei 1942.
2) Vgl. Notule: Junie 1942. Inspan Julie 1943, Zambesi Ringsblad Oktober,1944, 10.
3) Zambesi Ringsblad: Oktober 1944, 10.

sie geneem word, het hulle geen waarborg dat hulle op watter gebied ook al enige leiding sal kan gee aan die Inrigting wat aan hulle behoort nie, en wat deur die loop van baie jare met die grootste opoffering opgebou is. Ons het geen waarborg dat die leiers vir ons verenigings langer voor hande sal wees nie en ons weet nie eers of die staflede wat na Daisyfield gestuur word Christelik in lewensopvatting en wandel sal wees nie. Die groot redes waarom Afrikaner-ouers hulle kinders na Daisyfield stuur, sal dan gou wegval. Daisyfield sal dan nie meer die Afrikaner se opvoedingsentrum in S. en N. Rhodesië wees nie, maar hy sal gou terugval tot die stadium waar hy net bestaan as 'n weeshuis waar die minderbevoorregtes deur die kerk versorg word, terwyl hulle op die kerk se gronde in 'n skool is waar die Afrikaner nie eers meer 'n stem het nie."[1] (In die reël is 100 persent van die kinders in Daisyfield Afrikaanssprekend)

Nadat hierdie departementele eise aan die Ring voorgelê is, en dié geweier het om daaraan gehoor te gee, is tot die enigste ander alternatief besluit. Daisyfield sou 'n kerkskool word. Dit was 'n voorstel van regeringsweë[2] en het beteken dat in die skool wat nog deur die staat ondersteun sou word, en waarvan die regering die helfte van die salarisse van die onderwysers betaal asook losiestoelae indien die inspekteur tevrede is, die Direksie nog die mate van beheer wat hulle tot dusver oor hul skool gehad het, kon behou, maar hulle moes dan jaarliks £2400 ekstra vind om die Inrigting aan die gang te hou.

Die Direksie het daarna 'n intensiewe veldtog op tou gesit om fondse in te samel. Die nuus - en kerkblaaie in die Unie wat die Inrigting goedgesind was, het gehelp om die propagandawerk voort te sit en fondse in te samel, want die oogmerk van die kerk was om 'n fonds op te bou wat jaarliks ten minste 'n ruim deel van die £2400 as rente sou afwerp.[3]

---

1) Zambesi Ringsblad, Oktober 1944.
2) Idem: Inspan, Julie 1943, 6.
3) Idem.

Die Afrikaners in Rhodesië en elders het dadelik reageer, maar toe die datum 1944 bereik is waartoe besluit is dat die Inrigting weer in kerkskool sou verander, het dit geblyk dat die Departement ander sienswyse toegedaan is. Daar is weer samesprekinge gehou, en daar is besluit dat die inrigting voorlopig op die ou basis kon voortgaan.[1] „Ons het die kans gehad om as voorsitter van die Direksie saam met ds. H.Botha, die voorsitter van ons Ring, die hele aangeleentheid omtrent Daisyfield in 'n aangename en openhartige onderhoud met die Minister van Opvoeding en die Hoofopvoedingsbeampte te bespreek. Die onderhoud is deur ons aangevra. Ons het aan die begin van die onderhoud ons begeerte uitgespreek om 'n nuwe basis van wedersydse vertroue en samewerking te vind tussen ons en die regering. Hierdie begeerte het ons by die verteenwoordigers van die regering en van die onderwysdepartement ook gevind, en ons verklaar graag hier dat ons by hulle oop gemoedere gevind het om die saak van ons kant te besien. Aan ons is die volle geleentheid gegee om ons hart uit te praat en ons erken graag dat hulle standpunt met billikheid gestel is. Dit was nie vir enige kant nodig om onaangenaamhede van die verlede weg te doesel nie, hoewel ons nie alles tot in besonderhede probeer uitpluis het nie. Trouens, ons het saamgestem dat sommige van die onaangenaamhede van die verlede berus het op misverstande, en dat nog meer gevolglik ontstaan het as gevolg van die „hitte van die stryd,"[2] het ds. Louw verklaar.

In die werklikheid het die stryd, waarin die meeste Afrikaners saamgewerk het, 'n baie konstruktiewe uitwerking gehad benewens bogenoemde „nuwe basis van wedersydse vertroue en samewerking." Dit het naamlik die antwoord gebring op waarom dit alles so moes kom. „Daar kom in hierdie Inrigting se lewe," het die oud-Direkteur ds. Botha, verklaar, „net soos in elke mensekind sÓn periode wanneer ons Hemelkoning snoei, so-

1) Vgl. Huisgenoot: 9.3½1945, Notule: Februarie 1945.

dat sy skeppinge meer vrugte kan dra. Daisyfield is vandag, en alreeds die afgelope aantal jare lank onder die snoeimes van ons Heer. Gelukkig is sy probleme ook die probleme van ons Heer. Dit is ons troos, want ons weet dat Hy op sy tyd, weer die duisternis in lig sal verander."[1] Dat die „duisternis" wel in „lig" verander het na die nuwe ooreenkoms, op die gebied van die gees en rigting van die skool, het egter nie beteken dat dit al kwelling van die Inrigting was nie. 'n Lang tyd is gevoel dat die hele Inrigting self op die lokaal te Daisyfield nie dáár aan sy doel beantwoord nie. „Die skynbaar totale onmoontlikheid van die verskuiwing van ons kerk se werksaamhede te Daisyfield was vir baie van die verantwoordelike persone te Daisyfield in die verlede al 'n saak van droefheid,"[2] het die Zambesi Ringsblad gemeld.

In die, gees, waarin bydraes vir die voorgestelde Kerkskool gevra is, het twee broers D.M. en S. de Kock van die Umtali-gemeonte met 'n onverwagte voorstel gekom: dat hulle in ieder geval £5000 as 'n begin aan die Inrigting sou skenk, indien dit na Salisbury sou verskuif. Die Direksie en Ring het in die voorstel die geleentheid gesien om daadwerklik op te tree en een vergadering na die ander is belê waar die saak van alle kante te bespreek is.[3] Op 'n spesiale Ringvergadering belê op 7 en 8 Desember 1944 te Salisbury het die Ring dan ook besluit om die aanbod aan te neem en 'n uitstekende plaas, Aspindale, 6 myl buite Salisbury by die Lyttonhalte vir die som van £18000 aan te koop en die Inrigting daarheen te verskuif. Die redes vir hierdie verskuiwing was dat op Daisyfield water, en somtyds die ligte, 'n kwessie, die grond van 'n baie swak gehalte en die naaste dorp, dokter en toegeruste hospitaal 34 myl daarvandaan was. Maar dit was veral die opvoedkundige redes wat swaar geweeg het by die Bestuur. Die geboue was reeds oud op

1) Zambesi Ringsblad: Desember 1944, 10.
2) Zambesi Ringsblad: Desember 1944, 3.
3) Vgl. Notule Daisyfield Direksie, 6.11.1944.

Daisyfield, die kinders het nie met ander kinders in aanraking gekom nie weens die afgesonderheid en afstand van ander dorpe, daar was geen mededinging op enige gebied met ander kinders nie, personeellede het ook nie die voorregte geniet wat 'n dorp aanbied nie, met die gevolg dat daar 'n gedurige wisseling van onderwysers was. Daar is verskillende departemente op Daisyfield ingestel om die kinders in staat te stel om met die „lewe in aanraking" te kom, maar kinders moes na hulle Daisyfield verlaat het, weer 'n kursus elders volg. Aan die ander kant was naby Salisbury die reënval beter, op die landbou-plaas Aspindale was daar vrugbare grond, volop water, reeds 'n klein swembad, boorgate, elektriese pomp en windpomp, 'n rivier. Dit was naby Salisbury met al die geleenthede vir onderwyser en kind wat die hoofstad bied, en dit lê in die streek waarvandaan die meeste kinders kom.

Daar was natuurlik verskeie redes teen die verskuiwing soos byvoorbeeld dat Daisyfield 'n gesonde omgewing en nader aan Bulawayo en Noord-Rhodesië is, en ongeveer £30,000 se waarde op die plek was, benewens nog die sentiment daaraan verbonde.

Binne 'n betreklike kort tydjie is die koopsom en 'n verdere £1000 deur die Rhodesiërs ingesamel,[1)] en is begin met die geboue wat bereken is om tussen £80000 en £100,000 te beloop. 'n Intensiewe kollektetoer is in Rhodesië onderneem (waar onder andere mnr. J.H.Boshoff die opbrengs van een van sy tabakplase minstens vyf jaar lank aan die Inrigting afgestaan het) en ook in die Unie. So entoesiasties was die Afrikaners vir die skema dat van die sierlikste en ruimste skoolgeboue in die land waarin nagenoeg 400 kinders opleiding kon geniet, vanaf 1946 tot 1948 voltooi is en die verskuiwing dan ook in Augustus 1948 plaasgevind het. So is uit die kwaad die goeie gebore, en kon die verskuiwing allesins tréd hou met die volksontwikkeling en

1) Huisgenoot: 10.5.1946. Notule Daizyvield, Maart, 1946

stadswaartse beweging van die Afrikaner. Dat die N.G. Kerk en die Afrikaner in Rhodesië veral hulle goed van hul taak gekwyt het, ly geen twyfel nie, en die vuurproef en stryd wat die Inrigting deurgemaak het, is seker die beste waarborg vir die sukses van die toekoms.

B. Die N.G.Kerkskooltjie te Bulawayo.

Om die euwel van Engelsmedium in 'n geringe mate teen te werk, het die Kerkraad van Bulawayo in 1938 besluit dat met 'n aparte primêre skooltjie in die kerksaal begin sal word. Aanvanklik was daar net twee kinders, maar teen 1942 het die aantal tot 8 gestyg. Vanaf die begin is gestreef na 'n hoë standaard van werk en het getalle nie swaar geweeg by die kerkraad nie. Die leerplan vir die verskillende klasse is opgestel met behulp van die leerplanne van die vier Provinsies in die Suide, dog die tyd wat aan Engels bestee is, was meer as in die gewone Afrikaansmediumskole daar. Al die vakke is deur die kind in Afrikaans geleer. [illegible], [illegible]. Soos Afrikaans in die Rhodesiese middelbare skool as 'n opsionele aparte vak behandel is, so is Engels op die skool ook as 'n aparte vak behandel, maar verpligtend en met meer tyd daaraan bestee. "Die ideaal en die inspekteur se verwagting en eis is dan ook dat die std.V.-leerling netso goed in Engels moet wees as sy std.V-maats in die Engelsmediumskole. Ons probeer dit so kry en dan het eersgenoemde natuurlik die voordeel dat hy Afrikaans baie beter ken as laasgenoemde, omdat hulle in die Engelsmediumskool miskien nog glad geen Afrikaans geleer het nie....Die inspekteur lê jaarliks een of meer besoeke af. Hy moet sy goedkeuring heg aan die werk wat daar gedoen word. Hy is baie simpatiek gesind en stel die Departement se vertoonkamer asook gereedskap vir die maak van modelle tot beskikking van die onderwyseres. Sekere voorregte wat groter skole geniet, word ook hier toegestaan, byvoorbeeld vrye gebruik van die swembad gedurende die klaslesure daarvoor afgestaan, aflewering van melk by die skool, ensovoorts." het die

onderwyseres, mej. S.Engels, in 1943 verklaar.[1)]

Die skooltjie het leerlinge tot std. V. voorberei waarna dit hulle vrygestaan het om of na die moderne, akademiese of tegniese skool te gaan. Maar die doel was onder meer om aan die ouers „die geleentheid te bied om hul kinders te laat voorberei vir die Universitêre loopbaan wat hulle miskien graag wil hê die kind moet volg.' As die kind na een of ander Universiteit in die Suide moet gaan, is dit die allerbeste om hom reeds in std. V1 na 'n skool daar te stuur. In hierdie skooltjie word hy voorberei vir daardie std. V1."[2)]

Die skooltjie het gestyg tot 22 in 1945. „Die groei van hierdie Afrikaansmedium skool was stadig omdat baie Afrikaners skepties was teenoor hierdie grootmoedige poging van 'n paar rasgenote om met so'n skooltjie 'n begin te maak."[3)] Dog twee ruim klaskamers vir die skool is daardie jaar voltooi, en al was daar £500 skuld op die gebou „was dit 'n gebeurtenis van uiters geskiedkundige belang, omdat hierdie skool die enigste is in Rhodesië, wat die Afrikaner naas sy kerk as sy eie kan beskou."[4)] Daarom, so het die verslag van die onderwyseres gelui,[5)] was die doelstelling dan ook „(a) die meedeel van kennis aan die kind deur middel van sy moedertaal wat tog die belangrikste is in enige opvoedingstelsel op aarde, want wat toegelaat word in naturelleskole, byvoorbeeld dat die natuurkind deur middel van sy taal in die beginstadium gehelp word, word die Afrikaanse kind ontsê; (b) liefde aan te kweek vir al ons kultuurwaardes deur die kind daarmee in aanraking te bring en te bedien; (c) sy geskiedenis soos dit deur S.A.geskiedskrywers opgestel is, mee te deel; (d) aan die ouers die geleentheid te gee om die opvoeding van hulle kinders in Afrikaans te laat voortsit; (e) aan sulke ouers die sekerheid te gee dat die kind deur 'n Christe-

1) Zambesi Ringsblad: September 1945, 12.
2) Idem.
3) Zambesi Ringsblad: Oktober 1945, 9.
4) Idem.
5) Zambesi Ringsblad: Oktober 1945, 9.

like leerkrag opgevoed word. Dit is nie 'n staatskool waar hulle nie weet wat die godsdienstige beleid van die onderwyser(es) is nie; (f) deur die kind te help: sodat hy nie nóg vis nóg vlees sal wees soos so baie Afrikaanse kinders nie. Hy sal weet wat hy is en juis daarom 'n ander volk en taal kan respekteer. (g) hy kry sy opvoeding buite die huis in 'n omgewing wat aansluit by die huis. Hy bevind hom gou onder 'n groepie wat vir hom maats kan wees op grond van dieselfde huislike agtergrond. (h) elke kind bevind hom in 'n skool waar hy saam met hoër en laer klasse in een vertrek is, met die voordele daaraan verbonde. Elke kind kry die geleentheid om op te tree in konserte ens. Ek het oudjies gesien wat as't ware ontluik het in die Afrikanerkring."[1]

Die skool het dan ook op onderwysgebied "skitterend" vordering[2] gemaak en leerlinge het sonder moeite hul plek in die skole waarheen hulle gegaan het, volgestaan.[3] "Is ons nie gelukkig nie, was die gedagte wat telkens en telkens weer in ons gemoed gekom het gedurende die laaste twee jaar. "Is ons nie gelukkig nie" het ons vanself gesê as ons die skooltjie binnegetree het, want dadelik was daar 'n vriendelike onderwyseres om ons te verwelkom, en dadelik het ons die opgewektheid en deeglikheid gevoel wat in die klaskamers geheers het .....Is ons nie gelukkig nie? het ons op die jongspan se gesiggies gelees."[4]

Die vermeerdering van die aantal kinders in die skool het dan ook weer 'n nuwe probleem vir die kerk geskep aangesien die fondse nie beskikbaar was om 'n tweede onderwyseres aan te stel nie. Daarom is op een stadium tot die slotsom gekom dat aangesien die aantal vir een onderwyseres te veel en vir twee onderwyseresse te min was, in die toekoms net beginners in die skool opgeneem sou word. Ook word tans 'n koshuis in verband met die skool beoog. Die Ring het egter besef dat die

1) Zambesi Ringsblad: September 1945, 12, 13.
2) Vgl. A.K.U.R.Verslag: 1943, 10.
3) Zambesi Ringsblad: September 1945, 12.
4) Zambesi Ringsblad: Januarie 1945.

kerkraad van Bulawayo uit watter dorp dus ook hierdie tweede „volkskool" geloods is, nie by magte was om die skool alleen te behartig nie, en in 1946 het hy(die Ring dan ook die kerkskool vir sy verantwoordelikheid geneem en die kerkraad van Bulawayo gevra om as besturende liggaam namens die Ring voort te gaan soos in die verlede belowe om die kerkraad finansieel te steun met tenminste een kollekte uit elke gemeente in die Ringsressort.1)

Op hierdie manier dan ook het die N.G.Kerk hom beywer om tans moedertaalonderwys aan 'n aantal Afrikaanssprekende kinders in die belangrikste tydperk van hul lewe op skool, naamlik in die laerskool, te verskaf. Uit alle beskikbare getuienis van oor die hele wêreld is dit die regte metode wat in die skool gevolg word, die regte grondslag, die regte doel en uitgangspunt.

C. Vrystaatse Studiebeurse.

Langs nog een ander weg het die N.G.Kerk geprobeer om die onderwys van die Afrikaanse kind te bevorder. In 1939 naamlik het die vraag op die Ringsvergadering ontstaan of dit nie moontlik was om minstens een kind per jaar te help om vir drie jaar na die Unie van Suid-Afrika te gaan om die Matrikulasie-eksamen daar af te lê nie, maar veral om meer volksbewus te word. Tot die beginsel is wel besluit maar die vraag moes beantwoord word hoe die kind wat gehelp sou word, gekies word, en waar die nodige fondse vandaan sou kom om hom te help. Wat die eerste vraag betref, is gevoel dat 'n geskiedenis-eksamen die regverdigste en beste sou wees eensdeels omdat deur so'n eksamen af te neem, al die kandidate 'n gelyke kans sou hê om 'n beurs te verwerf, en tweedens omdat daardie kandidate wat nie die beurs verwerf nie, nogtans, deur aan die eksamens deel te neem, 'n sekere mate van Suid-Afrikaanse geskiedenis sou moes geleer het.

Wat die tweede vraag betref, was die probleem groter. Die Ring het geen eie fondse gehad nie, daar was geen vereniging sover bekend, wat gewillig sou

1) Notule: Ring van Bulawayo, 20 Mei 1946, Zambesi Ringsblad: Julie 1946.

wees om byvoorbeeld 'n £100 per jaar by te dra nie, en dit was nie moontlik nie, of altans baie moeilik om so 'n fonds op te bou. Daarom het die kerk hom tot die Sinode van die Vrystaat gewend en in 1940 voorgestel dat die Sinode opdrag aan die betrokke kommissie gee om £100 per jaar te bestee aan die opvoeding van Afrikanerkinders in Rhodesië, in die vorm van drie beurse van £33 elk per jaar aan verdienstelike Afrikanerkinders.[1)] Die Sinode wat goedgesind was teenoor die voorstel, het gemeen dat die Armsorgkommissie moes help, en was ook die mening toegedaan dat die kinders wat gehelp sou word, liefs in een van die Vrystaatse skole sou studeer.[2)] Daarop het die Ring van Bulawayo 'n beredeneerde voorstel insake die onderwys in Rhodesië ter tafel gelê waarin onder meer voorkom"........Die H.E.Sinode dra dit aan die Algemene Armsorgkommissie op om 'n paar beurse daar te stel waarmee Afrikanerkinders in Rhodesië, wat die vernuftigste blyk te wees in Suid-Afrikaanse kerk of Volksgeskiedenis, drie jaar lank na std. V11 een van die Vrystaatse skole kan bywoon vir verdere opleiding."[3)]

Die Algemene Armsorgkommissie het die Ring van Bulawayo gevra om 'n kommissie, met plaaslike omstandighede bekend, te benoem om die nodige reëlings in Rhodesië te tref - die sogenaamde Studiebeurs - Eksamenkommissie. Die boek "Geskiedenis vir Junior Sertifikaat" deur Weideman, Geyer en Uys, is as voorgeskrewe handboek aanbeveel en 'n eksaminator is in die Unie gekies. Daarna is die eerste eksamen in 1941 afgeskryf deur 7 kinders wat in std. V11 of V111 was, in Suid-of Noord -Rhodesië gestudeer het, en wie se ouers in Rhodesië woonagtig en lede van die N.G.Kerk moes wees.

Die Algemene Armsorgbeurs (£100) het egter net vir die studie van een leerling betaal (vir drie jaar). Die Bybelklasvereniging het daarop £100 vir die tweede beste leerling vir drie jaar studie uitgeloof

---

1) Acta Synodi: 1940, 262.
2) Idem. 381.
3) Idem. 449-450.

aan die tweede beste kandidaat, terwyl die Helpmekaar-Vereniging van die Vrystaat £15 aan boekpryse aan verdienstelike kandidate beloof het.

Die volgende jaar het die Reddingsdaadbond van Rhodesië £100 vir drie jaar as beurs toegeken, terwyl die Helpmekaar boekpryse en die R.C.V.V. £5 belowe het. Aangesien finansiële ondersteuning vir 1944-1946 weer gevind moes word, het die Ring van Bulawayo besluit om elke gemeente binne sy ressort te vra om minstens £4 per jaar by te dra om weer so'n beurs moontlik te maak.[1] Die ag gemeentes (later 9) het dus £32 minstens opgelewer en dit het 'n jaarlikse beurs vir een kandidaat moontlik gemaak.

Tensy die ouers baie hulpvaardig is, beteken so'n eksamen egter dat die kind van std. Vll self moet leer, buite skoolure om, behalwe in gevalle waar die prinsipaal die studie daarvan aanmoedig of selfs binne die skoolure toelaat. Daarom is die eksamen dan ook feitlik beperk tot die paar sentra waar laasgenoemde die geval is en 'n Afrikaanse onderwyser aan die hoof van 'n skool is.

D. <u>Unie-Onderwys.</u>

"Dit bly onder die huidige omstandighede nog vir ons as Afrikaner-ouers die beste om ons kinders na die Suide te stuur vir sekondêre onderwys," het die voorsitter van die R.C.V.V., mevr. ds. H.Botha in 1940 verklaar.[2] „Daar sal die kind nie alleen onderwys ontvang nie, maar hy sal ook leer dat daar nog 'n sterk volk in die Suide is waaraan hy behoort." Dit was in daardie gees dan ook dat verskeie ouers, en in later jare 'n steeds toenemende aantal meer gegoede ouers, hul kinders na die skole in die Unie gestuur het, veral vir middelbare onderwys, eenvoudig omdat die kind te jonk is om vir die laerskoolonderwys so ver van die ouer af gestuur te word.

So blyk uit die statistieke van 1946 dat

1) Notule: Ring van Bulawayo, 28 April 1943.
2) Zambesi Ringsblad: Januarie 1940, 6.

daar 471 kinders van Rhodesië buite die grense van die land skoolonderwys geniet: onder 7 jaar, 6, onder 8,10, onder 9,7, onder 10,13, onder 11,18, onder 12,29, onder 13,48, onder 14,59, onder 15,84, bo 15, 197 - en dit sluit nie die 337 studente aan Universiteite of Kolleges in nie. Daaruit kan egter nie afgelei word dat dit almal Afrikaanssprekendes is nie want 'n groot aantal Engelse ouers stuur ook hul kinders na die Unie. Geen opgawes van hoeveel van die kinders wel Afrikaanssprekend is, is beskikbaar nie. Maar as die Engelssprekende ouers hul kinders na die Unie stuur, tensy dit is om hulle in die middelbare Engelse Kerkskole te kry waarvan daar nie so iets in Rhodesië bestaan nie, moet dit waarskynlik beteken dat die Engelse ouer of ontevrede is met die stelsel van onderwys in die land, of dat hy sy kind ook Afrikaans in die Unie wil laat leer. Wat die statistieke wel openbaar, is dat 1 uit elke 25 dit wil sê 4 persent van die skoolbevolking aan die staatskole, verkies, om een of ander rede, om hul onderwys buite die land en wel in die Unie te ontvang. Neem ons die totale skoolbevolking (Kerkskole ingesluit) dan blyk dit dat daar uit die 14,729 kinders in 1946 in Rhodesië byna 3000 (2947) verkies of genoodsaak word om in een van die kerk, ondersteunde of erkende skole en nie in die staatskole nie, onderwys te ontvang. Dit beteken dat minstens 3 persent uit die totale skoolbevolking van die land in die Unie onderwys word. Dit wil mens dus voorkom of vir hierdie 3 persent die bestaande fasiliteite onbevredigend is of glad nie bestaan nie.

In geen statistiese gegewens van enige ander land waar wel 'n volledige laer in middelbare skoolonderwys bestaan, kan bepaal word dat so'n groot deel van die skoolbevolking buite die landsgrense onderwys word nie,....en dit nog terwyl dit die uitgesproke beginsel van Rhodesië was "that every Rhodesian child...shall enjoy the right to a free education of the kind best suited to his particular interests," soos die **Eerste Mi-**

nister verklaar het.

Hierdie belangstelling van Rhodesië in die Unie se onderwysinstellings blyk verder uit die aantal studente wat die Kolleges en Universiteite daar bywoon. Die rede waarom die Opleidingskollege te Bulawayo gesluit het in 1938, was om die toekomstige onderwyseresse in Engeland te laat oplei. Die oorlog het dit natuurlik onmoontlik gemaak en die toevlug is na die Unie se inrigtinge geneem. Van die 66 wat aan die kolleges studeer, is slegs 8 nie in die Unie van Suid-Afrika nie, en van die 293 wat aan Universiteite is, studeer slegs 14 nie in die Unie nie.[1)]

Dit was weens hierdie groot getal Rhodesiërs vir wie die onderwys, hetsy primêr, sekundêr of hoër van die Unie van Suid-Afrika onontbeerlik was, dat die Matrikulasieraad eenparig besluit het om Rhodesië verteenwoordiging in daardie Raad te gee[2)] - veral natuurlik met die oog op beheer van die toelatingstandaard wat deur aspirant-studente aan universiteite behaal moes word - en dit terwyl geen ander land so iets sou doen om 'n vreemde outoriteit 'n seggenskap in die eise vir sulke toelatingseksamens te gun nie. Die Unie verkies dus om met sy stelsel, selfs sy tweetalige stelsel aan die sekundêre skole of sy moedertaalstelsel in die primêre skole, Rhodesië tot diens te wees. Dit is in belang van albei lande soos die voormalige Minister van Onderwys, mnr. J.H.Hofmeyr, verklaar het: "South African Universities served Southern Rhodesia and it was in the interests of the Union to do so. The object of granting Southern Rhodesia representation on the Board was to encourage the Colony to send its students to South Africa. To a certain extent he considered Southern Rhodesia as part of the Union's educational unit and he would be sorry to do anything which would destroy that unit."[3)]

1) Vgl. Report of Education Statistics: 1947.
2) Vgl. Rhodesian Herald, 18.4.1941.
3) Idem.

Hoeseer egter die Unie dit ookal noodsaaklik mag beskou om in sy belang die kinders van Rhodesië in die onderwysinrigtings aldaar op te neem, en ofskoon daar soveel kinders van Rhodesië wel op skool is en in al die voorregte deel wat 'n nuwe omgewing inhou, mag dit nog geensins beteken dat so'n reëling deur ouer en owerheid in Rhodesië sonder meer as gewens beskou of goedgekeur kan word sonder om na die dieper oorsake van so'n "buitelandse" skoolbesoek te verneem nie. By nadere ondersoek mag dan ook wel blyk dat die gebrek aan 'n behoorlike stelsel van moedertaalonderwys verantwoordelik is vir 'n aansienlike aantal van die Afrikaanssprekende skoliere, indien nie almal nie, wat in die Unie op skool is.

ii. Onvolledigheid van hierdie Maatreëls.

As hierdie voornoemde maatreëls een ding bewys het, dan is dit seker dat die Afrikanerouer, getrou aan sy gereformeerde belydenis, sy deel wil bydra in die oprigting en die bepaling van die gees en rigting van die skool wat hy weet in belang van sy kind werk. As bedink word dat bo en benewens die landsbelasting wat hy moet betaal, hy op eie inisiatief, met al die koste daaraan verbonde sy kind na die Unie stuur, met die hulp van sy landgenote besuide die Limpopo op Daisyfield alleen op een tydstip (1945) geboue help oprig en grond en gereedskap gehad het ter waarde van omtrent £50,000,[1] die uitgawe verbonde aan 'n nuwe kerkskooltjie te Bulawayo seker niks minder as £1000 beloop het nie, en die kerkraad van Bulawayo aanvanklik alleen verantwoordelik was vir die instandhouding van die plek, intussen die nuwe kindertehuis, Bothashof, met 'n plaas en geboue begin is, waarop reeds tussen £40-50,000 afbetaal is, kan verstaan word hoe 'n vurige simpatie die plaaslike ondernemings ontlok het en hoeveel die Afrikaanse ouer gewillig was om by te dra vir die opvoeding van sy kind. Van gebrek aan ouerlike belangstelling, is daar dus geen sprake nie.

1) Jaarverslag van Direksie van Daisyfield aan Ring van Bulawayo: Mei 1946.

Tog is die maatreëls ook nie sonder hul tekortkominge nie.

In die gedurige kringloop van botsings in lewensbeskouing tussen die twee groepe van die bevolking, wat die oprigting en instandhouding van skole vir die Afrikaanse kind deur bemiddeling van of met die goedkeuring en samewerking van die N.G.Kerk meebring sonder dat die staat vooraf so'n stap aanbeveel het, beteken dit eenvoudig nog meer botsing in 'n samelewing wat ordelik behoort te wees. Nie alleen beteken dit dat Daisyfield (tans Bothashof) gedwing word om onopvoedkundig te werk te gaan deur byvoorbeeld Engelsmedium te gebruik vir 'n 100 persent Afrikaanse skool in al die klasse selfs in die aanvangstadium, om daardeur die steun van die staat te verkry en te behou nie, maar dit beteken dat die Bulawayo-kerkskooltjie daardie steun van die staat verbeur juis omdat hy opvoedkundige en wetenskaplik te werk gaan, en dat enige ander skool wat op dié basis (van moedertaalonderrig in die laagste klasse) deur die Afrikaners opgerig word, ook sonder die hulp van die staat sal moet klaarkom. Met ander woorde, hulle sal afhanklik wees van die belangstelling en bydraes van die Afrikaners in of selfs buite die land. Dit beteken dan dat so'n instelling natuurlikerwyse die gees en lewensbeskouing van die Afrikaner sal weerspieël, en sodoende weer in botsing met die lewensopvatting van die staat kom. Dit was byvoorbeeld maar te duidelik dat die hele atmosfeer wat die Daisyfield-Inrigting omhul het, die Engelse publiek verontrus het, sodat die plek as 'n soort van "Afrikaanse eiland" in die land beskou is. "For many years the activities of the school at Daisyfield have been the source of uneasiness in the public mind. It is known that the Departmental control of staffing arrangements at Daisyfield is not satisfactory. Allegations have been made that racialism has been fostered there and that those responsible for the running of the school are Anti-British in their outlook."1) Dit dan is

die gevaar wanneer die Afrikaners uitsluitend vir 'n skool moet sorg dat, aangesien hulle daardeur juis hul Afrikanerskap toon, hulle as „Anti-British" beskou kan word. As dit die gevoelens was by 'n skool wat tog 'n staatskool was, is dit te begrype wat die houding sal wees in 'n skool wat, uit 'n Afrikaanse standpunt beskou, glad geen verbinding met die staat het nie. (Dit wil egter nog nie beteken dat om 100 persent Afrikaans te wees, die Afrikaner of die Afrikaanse skool noodwendig anti-British is nie, maar deur die owerheid sal hy as sodanig beskou word, eenvoudig omdat hy nie met die fasiliteite en reëlings wat deur die Britse owerheid verskaf word, akkoord gaan nie). Dit wil geensins beteken dat die verskillende houdings of die botsing geregverdig is nie, maar wel dat dit natuurlik sal wees. Die gevolg is dat wanneer „race pride and the maintenance of race traditions.....come into conflict with similar sentiments of other races to an extent and in a manner likely to cause feelings of animosity and even hatred, they become subversive to the interests of the community at large."1) Wat Daisyfield betref, beteken dit (1) dat die kerk self ook „in die gedrang" kom, aangesien hy orals hulp moet soek om die Weeshuis in stand te hou en (2) by die sprake van oorgang tot 'n kerkskool ook steun vir die skool probeer verkry is van almal wat die Afrikaanse saak, so ver as wat dit die opvoeding van die Afrikaanse kind aangaan, goedgesind was. Wat (1) betref, het die „Enkeldoorn-kommissie" erken „the scholars at Daisyfield are to all intents and purposes one hundred percent Afrikaans, and the staff is wholly such. The school is under the wing of the Dutch Reformed Church which has a financial liability with regard to the Orphanage Section. The official language of the Dutch Reformed Church is Afrikaans and there is a ceaseless vigilance on the part of that body to maintain its language which is regarded as a corner-stone of Church activities. Daisyfield must

1) Enkeldoorn and School Commission: 43.

therefore in our opinion be regarded as a centre of great importance in the activities of the Dutch Reformed Church in Southern Rhodesia."[1] In verband met (2) blyk die gevaar duidelik uit die volgende aanhaling uit dieselfde verslag: "It can be said that Daisyfield is also the Rhodesian home of various Afrikaans Cultural Societies which originate in the Union of South Africa. While there can be no objection to these societies so long as they confine themselves to fulfilling the objects for which they avowedly stand, it is not unknown that they have been used as vehicles to carry forward the political aims of those who have not at heart the unity of the two races. The Broederbond, for instance, does not, after its condemnation by the Prime Minister of the Union of South Africa (destyds Veld-maarskalk J.C.Smuts), commend itself to the people of this Colony.....Some nervousness on the part of the Rhodesian public has been apparent since the publication of information that the Broederbond has subscribed £500 to the Daisyfield Orphanage. Though this may be ascribed to purely charitable intentions, it nevertheless lends colour in the eyes of some that Daisyfield has an undesirable relationship with that body."[2] Daarom dan ook het die kommissie aanbeveel, "As long as Daisyfield remains a Government School the Department of Education should insist on having the fullest control in the selection of its personnel, and of its management."[3] Waar laasgenoemde nie die geval te Daisyfield (Bothashof) is nie, is die kringloop van moontlike "conflict .... animosity...and even hatred" waarvan die kommissie gespreek het, nie opgelos nie. En waar die gevaar bestaan dat die Afrikaanse sentiment en oortuiging van Bothashof "subversive to the interests of the community at large" mag wees, is daar ter oplossing van die probleem met twee moontlikhede: óf die N.G.Kerk en die Afrikaners wat die Inrigting help opbou, verander van sentiment en oortuiging, óf die

1) Enkeldoorn and School Commission: 43.
2) Idem.
3) Enkeldoorn and School Commission: 44.

"community at large" neem sy "interests" in heroorweging. Uit die voorafgaande hoofstukke moet dit duidelik wees dat die eersgenoemde alternatief geensins moontlik of geregverdig sal wees nie. Maar ewe min is die staat in 'n beleid geregverdig wat op diskriminasie uitloop en die Afrikanerouer dwing om alleen, bo en behalwe hul landsbelastings, addisionele onkoste te maak toneinde aan hul kinders, hetsy in die Unie, hetsy in die "Kerkskool" 'n gesonde onderwys te verskaf (wat natuurlik nie wil sê dat die Afrikaner nie sodanige koste wil en sal dra as dit op 'n beginselkwessie uitloop nie). As hierdie beslistheid van die N.G.Kerk of sy lede so duidelik is, ook ten opsigte van 'n skool waar die gees wel deur die gereformeerde beskouing bepaal word, maar daardie "hoekstoen", die moedertaal, as 'n tweede taal behandel moet word, sal die ywer, belangstelling en samewerking van die kerk en die hele Afrikanervolk in 'n baie groter mate te vinde wees wanneer die moedertaalskool in swang kom -- moedertaalskole wat deur die staat ondersteun, aangemoedig, met simpatie bejeën en in samewerking met die ouers en die kerk opgerig word.

iii. Die Moedertaalonderwysstelsel vir die Afrikaanse Kind.

a. Die Taak van die Skool in die Gemeenskap.

In 'n vorige hoofstuk (V1) is reeds aangetoon dat die skool nie aan die staat of aan die kerk behoort nie, maar aan die maatskappy, die ouer-groepvormende gemeenskap. In hoofstuk V1 is reeds aangetoon dat die onderwys uit sy aard nie 'n staatkundige nie, maar 'n maatskaplike vraagstuk is, en dat op die terrein van die maatskappy en nie die staat nie die natuurlike verbinding is van die belange van ouers, kinders, kerk en staat ten opsigte van die laer onderwys. "Eerst indien deze waarheid erkend wordt, valt de tegenstelling tusschen staat en kerk in zake de volkschool voor altijd weg, en kon men tot een stelsel geraken, dat de vrije school als regel huldigt en slechts by wijse van aanvul-

ling de officiële neutrale school laat voortbestaan."[1]
„Er kan, noch mag dus.......in beginsel, ooit anders worden geconcludeerd dan het groote volksbelang van het onderwijs uit zijn aard bij de maatschappij thuis hoort, en slechts om bijredenen tijdelik en ten deele aan de Overheid mag worden toevertrouwd."[2]

Die skool is verder 'n „maatskaplike" instelling omdat dit met die mens self te doen het....in die persoon van die kind wat op skool is, en in die persoon van die ouer wat vir daardie kind en sy hele opvoeding verantwoordelik is. Die skool staan dus midde in die maatskaplike lewe van enige gemeenskap, een rad in die groot werktuig van die opvoeding in en deur die gemeenskap, met die voorbehoud egter dat vir die gereformeerde nóg die opvoeding nóg die maatskappy die hoogste doel is en die kerk immer daarvoor sal waak.... „allereerst dat ze van den Christus niet vervreemde, dan dat ze zich voede met de vrucht der wetenschap, en eerst in de derde plaats, dat ze de spijze der wetenschap neme aan den grooten maatschappelijken disch."[3]

Omdat die skool dus 'n „maatskaplike instelling" is, en deur die maatskappy gedra en gesteun word (hetsy in de vorm van die kind van die ouer of in die vorm van belasting, van die ouer) kan die skool alleen geregverdig word uit en beoordeel word volgens sy verhouding tot daardie maatskappy. Vir die gereformeerde beteken dit ewewel nie dat die hoogste en enigste funksie van die skool is om maatskaplike burgers te vorm nie, maar beteken dit wel dat geen skool los mag staan van die gemeenskap, wat deur sy kinders verantwoordelik is vir die bestaan van daardie skool nie. In dié sin is skool en gemeenskap onafskeidbaar aan mekaar verbonde. Die een is sondor die ander ondenkbaar, en dit is dan ook veral in die onvermydelike wisselwerking dat sommige persone, soos J.Dewey byvoorbeeld, daartoe

1) Kuyper: Ons Program, 589. Vgl. Hoofstuk VI.
2) Idem. 697.
3) Idem. 493.

gekom het om die skool as die belangrikste instelling in diens van die maatskappy, die hele gemeenskap, te beskou, en opvoeding in die skool in eerste instansie daarop gemik moet wees om dié gemeenskap tot diens te wees. Of hierdie doelstelling van „sosiale bruikbaarheid" by J.Dewey en sy volgelinge en of hierdie doelstelling van „vervolmaking van die indiwidu" - ook tog maar gesien in die lig van die „sosiale bruikbaarheid" van die indivudu - by T.Percy Nunn en „de zijne" as die hoogste doel van die opvoeding geheers het, dan wel of hierdie sosiale gesigspunt vir die Christen ondergeskik is aan die einddoel van die menslike bestaan, feit is dat „onderwys en opvoeding dan eers sy ware omvang en diepte het as dit in die sosiale daglig gestel word, as dit gesien word in sy samehang met die sosiale lewe."1)

Dit skool moet dan besin word nie teen die agtergrond van die neutrale Staat nie, maar as 'n lewensbelangrike deel van die gemeenskap: met ander woorde, van die besondere gemeenskap waarin die skoolkind lewe en bestaan - en vir die doel van hierdie paragraaf die Afrikaanse gemeenskap - en dit weer as die belangrikste en vernaamste deel van die groter maatskappy wat aan die skool die nodige finansiële steun gee. Die maatskappy aan die een kant ondersteun of onderhou die skool sodat die jong en onervare burger van die land daardie bekwaamhede, kundighede, kennisse, begrippe, waarderings en houdinge mag ontwikkel, en mag ingelei word in daardie lewensbeskouings en - wyses wat die meeste belofte vir die kind en vir die maatskappy inhou. Maar aan die ander kant is die taak van die skool ook om elke kind 'n gelukkiger en meer bruikbare medewerker te maak van die welvaart van die groter groep soos dit deur die kleiner groep, die gemeenskap verteenwoordig. Hierdie oorheersende aandeel wat die gemeenskap aan die hele opvoeding van elke kind het, is dan ook goed uitgedruk deur Hart.2) „The true educatio-

1) Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 38.
2) Hart: A Social Interpretation of Education, 427-428.

nal agency is the community within which and by means of which the individual comes to whatever maturity he reaches. By and large the qualities of that community will be reflected in its members, variously of course, as they have various capacities for responding to its impacts, and as they touch various facts of existence. The real problem of education, then, becomes that of making a community that shall be expressive of humanity present and to come. The problem of education is the problem of community making in the most fundamental sense of the term. The problem of the school is merely a chapter in that more inclusive problem. School is important. But an unrelated school -- a school that is unacquainted with or indifferent to the world within which it is attempting to operate, the world from which its pupils come each morning and to which they must go back evenings -- is an impertinence. A school that compels children to become „pupils" for some hours each day is in the long run an immoral institution. The vitalities of life are in communities, not in institutions."

Die skool moet dus 'n gemeenskapsonderneming in die werklike sin van die woord wees, dit moet terselfdertyd die „draer" wees van die lewensopvattings van daardie gemeenskap. „The social heritage, then, which includes the mores, (lewensopvattinge) lies in the social background of the individual as a part of the group life - and the individual cannot be understood or changed, that is educated, except in terms of them. This means that education cannot take place effectively in any community, or area, except as the total social background of that community is known and its exact influence in the behaviour of the individual is determined."[1)]

So moet, soos Kerschensteiner dit uitdruk, die skool „'n gemeenskap in het klein " wees. Hy het in die opsig aangehaal uit „The School and the Social Progress" van Dewey. „Van iedere school kunnen wij een

1) Payne: Journal of Educational Sociology, Vol.9. (Feebruary 1936) 322-325.

maatschappij in het klein maken (embryonic community life], waarin het leven van de menschenmaatschappij [gemeenskap) met al zijn bedrijven zich weerspiegelt. Als de school ieder kind opvoedt als een lid van zo 'n kleine maatschappij [gemeenskap], hem doordringende met de geest van dienstbaarheid en hem de middelen in de hand gevende om zichzelf te besturen, dan pas zullen wij een waarborg hebben voor een maatschappij [gemeenskap?] die waardig, schoon en vol harmonie is."[1] Dewey self het verder aangetoon hoe noodsaaklik dit is dat die skool by die gemeenskap waaruit hy kom, moet aansluit. "From the standpoint of the child the great waste in the school comes from his inability to utilize the experiences he gets outside the school in any complete and free way within the school itself, while, on the other hand, he is unable to apply in daily life what he is learning at school. That is the isolation of the school - its isolation from life. When the child gets into the school room, he has to put out of his mind a large part of the ideas, interests and activities that predominate in his home and neighbourhood."[2] Dat dit die geval is wanneer 'n Afrikaanse kind uit 'n Afrikaanse omgewing en 'n Afrikaanse agtergrond in 'n Engelse skool met 'n Engelse gees en atmosfeer en oorsprong en tussen Engelse kinders geplaas word, is dan ook maar te duidelik „An idividual apart from social relations is a myth - or a monstrosity," het Dewey en Childs verder verklaar.[3] „If we deal with actual individuals, and not with a conceptual abstraction, our position can be so formulated in these terms: education is the process of realization of integrated individualities. For integration can occur only in and through a medium of association. Associations are many and divers, and some of them are <u>hostile to the realization of a full personality, they interfere with it and prevent it.</u> Hence for the sake of individual development, education must promote some forms of association

1) Kerschensteiner: De Komende School, 89.
2) Dewey: The School and Society, 67.
3) Kilpatrick: The Educational Frontier, 290-291.

and community life, and must work against others."[1] Meer spesifiek beteken dit dat vir die Afrikaanse kind sekere vorme van gemeenskapslewe - die Afrikaans-christelike-deur die opvoeding moet plaasvind, en dat enige iets wat daardie Afrikaans-christelik daardie gereformeerde lewensbeskouing skaad of kan skaad, teëgewerk moet word. "A fact never to be forgotton is that education, taken in its entirety, is by no means an exclusively intellectual matter. It is not merely, or perhaps even primarily, a process of aquiring facts and becoming familiar with ideas. The major object of education since the beginning of time has been the induction of the immature individual into the life of the group. This involves not only the development of intellectual powers, but also the formation of character, the ecquisition of habits, attitudes and dispositions suited to a given set of living conditions, a given level of culture, and a given body of ideals and aspirations."[2] Wat die opvoeding van die Afrikaanse kind betref. kan ook soos die skrywer van hierdie bovermelde aanhaling voortgaan, gesê word: "Moreover as organised and administered in (Rhodesiese) society, the school is greatly weakened by the artificiality of its activities. In a word, the school tends to be definitely separated from life. For generations educators have lamented this fact and have argued most cogently for a more intimate relationship between organised education and the community. But their laments and arguments have seemingly fallen on deaf ears. The school continues in its tradition of isolation, and teachers as a rule have relatively little contact with the real world",[3] van die Afrikaanssprekende kind. Wanneer die lewe van die skool dus nie die lewe van die gemeenskap aanvul en artikuleer nie, loop die skoolbedrywighede gevaar om die "gemeenschappelijke scheppingsvreugde"[4] waarvan Kerschensteiner praat, kwyt

1) Kilpatrick: The Educational Frontier, 290-291.
2) Counts: The Social Foundations of Education (Report), 536, 561.
3) Idem.
4) Kerschensteiner: a.w.. 12.

te raak, or "to become formalized, conventionalized, abstract and barren. Without a broad vision of community values the ......school as a social institution must perish."[1] "The responsibility of a school to its community is to provide it with a group of socially minded, intellectually alert, sanely independent, progressive young people. If this is done the community is inevitably improved, not only by virtue of the product, better children, but also by the very nature of the educative process, for this educative process, to be effective, must relate to the lives the young people now living and must touch upon the activities, experience, resources, and needs of the home and community far more closely than it has in the past. Moreover education means a changed outlook, an improved manner of life. These young people must live out their new visions. They cannot live them out without expressing them in the home, on the farm, in the community where they are. If education does not thus modify these young people and through them their environment, it is not effective."[2] As hierdie waarhede van die gemeenskap in die algemeen geld, geld dit in 'n baie groter mate in 'n land waar, soos in Rhodesië ,die een volksdeel hul op die platteland bevind en die ander in die stede. "Unless education conforms to the pattern of group life rural inhabitants will look upon their schooling as something imposed from without and unconsciously set going in their minds defense mechanisms against it. Education for such people will never be a means if liberating their spirit and stimulating creative expression. This is bound to lead to a lack of co-operation."[3] Daarin moet dan ook die kiem van die "gebrek aan samewerking" in Rhodesië gesoek word, en daarin lê ook vir die toekoms, solank dié onderwysstelsel in Rhodesië so voortduur, die onmoontlikheid van samewerking opgesluit, omdat die volk nie op 'n gesonde basis toege-

1) Langfitt, Cyr, Newson: The Small High-School at Work, 6.
2) Langfitt, Cyr, Newson : a.w., (aangehaal uit O.G.Brim Guiding Principles in Rural Education), 7.
3) Fletcher: Education and Colonial Development, 25.

laat is om tot iets anders opgevoed te word nie. "Educational systems out of harmony with those racial qualities that exert so great and intimate an influence upon the minds and life of a people will be powerless to raise the general level of their culture....The only effect of a mechanical imitation will be to produce a small group of denationalized intelligentsia out of sympathy with their fellows while the general mass of the people are left as weak and as leaderless as before."[1)]

Hierdie korrelasie tussen skool en gemeenskap het die verskillende rapporte waarop die Rhodesiese Tate- en Fox-verslae en die "moderne" onderwys gebaseer was, te wete "The Education of the Adolescent (Hadow Report)" 1926 en "The Primary School" (1931) en later "Secondary Education (Grammar and Technical High Schools Spens Report)" ook baie sterk beklemtoon. Onder andere het die laasgenoemde rapport verklaar dat die skool nie net 'n plek is om te leer nie, "but as a social unit, or society.... The social life of a school enables it to deal practically with the training of boys and girls in a free community by providing opportunities in which to foster the habits and practise the virtues which are essential for the well-being of that life. For as has been well said: the English ideal of education is a liberal one, that is to say, it conceives human beings as essentially free, and not only excludes anything which would render those in tutelage servile-minded, or would hamper the growth of the best that is in them, but (more positively) encourages initiative and the shouldering of responsibility from the earliest years."[2)] Dit was dan ook soos die "Handbook of Suggestions for Teachers"(1937) dit uitgedruk het: "the aim of education should be to develop to the full the potentialities of every child at school, <u>in accord with the general good of the community of which he is a member.</u>"[3)]

1) Fletcher: Education and Colonial Development, 26.
2) Spens Report: 195, 196.
3) Handbook of Suggestions for Teachers, 1937, 12.

Die voornoemde rapport het verder baie beslis aangetoon dat die staat nie teen die regte van die gemeenskap mag indruis nie. "Underneath this explicit, overt educational activity of the State, working through laws and regulations, there is the unformulated but very real demand of the community that the young shall grow up in conformity with the national ethos."[1] Dit is dan die kern van die hele saak, "the national ethos," waarop die skool vir die Afrikaanse kind mik. Dat daar geen ander basis is nie, het hierdie rapport onomwonde verklaar: "By community we mean here, in the first instance the national community.....For education one needs the influence of a concrete tradition or way of life, and there can hardly be said to be a common human tradition. There is, undoubtedly, a common Western European tradition, derived mainly from the Graeco-Roman civilisation as it was transformed by Christianity, and one of the chief functions of secondary teaching is to make boys and girls conscious of it and regard it as something to be reverenced and preserved. But the right way to do this is to begin by making them conscious of that tradition as it exists in their own country."[2] Met ander woorde, om te verwag dat die Afrikaner 'n "common language" moet leer om 'n "united" people op te bou terwyl daar tog geen "common human tradition" bestaan nie, is net so onmoontlik as om te verwag dat die Engelse bevolking na die basiese, die Grieks-Romeinse beskawing sal teruggaan waaruit daar wel 'n soort "common Western European tradition" gespruit het. Juis uit hierdie Wes-Europese tradisie het die aparte volke ontstaan, waarna dit eweseer onmoontlik vir enige volk, insluitende die Afrikaner, is om terug te gaan. Daarom dan is die nasionale opvoeding die enigste geregverdigde basis vir enige opvoeding. Ten opsigte van die Engelse kind, wat omgekeerd ook net so waar is vir die Afrikaanse kind, verklaar die rapport verder: "Hence the importance of

1) Spens Report: 148.
2) Spens Report: 153.

fostering in our schools the special traits of the English (Afrikaans) letters a chief place in the studies of youth, and of cherishing the English (Afrikaanse) traditions in the arts and craft.....To speak thus is not to accept the ignorant and presumptuous doctrine that we have nothing to gain or to learn from other nations. On the contrary our pupils should discover, as occasion offers, how much our national development owes, in many of its aspects, to the influences of other peoples, should learn to respect great civilizations which are widely different from our own, and should understand how essential international co-operation has become.... Nevertheless the national tradition in its concrete individuality must for the reasons adduced, be the basis of an effective education."[1)]

As dit dan so is, en geen Engelssprekende of regdenkende sal daaraan twyfel nie, dan volg dit dat die enigste skole vir die Afrikaanse kind Afrikaanse moedertaalmediumskole is omdat hulle al is wat sal voldoen aan die vereistes wat hierbo op ietwat breedvoerige wyse aangestip is, en midde in die Afrikaanse gemeenskapslewe sal kan staan en bestaan. Vir sy moedertaal en sy nasionale erfenis moet die Afrikaanse kind sy liefde gee en hom beywer, daarin moet hy geleer word, studeer, daarmee die lewenswyse en wêreldbeskouing van sy volk assimileer, daardeur besiel word, en daarin die gemeenskap dien en die ideale van daardie gemeenskap en van homself koester. Maar hy moet ook sorg dat hy verstandelik genoeg weet van die Engelse taal en kultuur om ook dié taal sintakties juis en grammaties korrek te kan gebruik, en die Engelse kultuur, wêreldbeskouing en lewe te kan waardeer.

b. Moedertaalskool die enigste Skool vir en in die Gemeenskap.

Aangesien dit dan 'n uitgemaakte saak is dat daar geen ander alternatief is vir die Afrikaanse gemeenskap as om hul eie skole te hê nie, waarop hul

1) Spens Report: 153. Vgl. Martin: Imperial Studies in Education, 41-42.

geregtig is, is die vraag nog of dié onderwys of skole, moedertaalmedium, parallelmedium of dubbelmedium sal wees, en of dit net laer-moedertaalmedium of ook middelbare moedertaalmedium sal wees. Dis nie die doel van hierdie skrywe om op besonderhede in te gaan nie, dit mik slegs op die beginsel wat in ag geneem moot word wanneer die praktiese stappe in die lig van omstandighede gedoen word. Vergeleke met die toestande van vandag sal die Afrikaner enige van die drie tipes skole, selfs die laagste, dubbelmediumskole, bo die huidige Engelsmediumskole verkies. Maar so eenvoudig sal dit nie daaraan toegaan nie.

Wat eers baie beslis aangetoon moet word, is dat moedertaalonderwys 'n absolute vereiste is in die aanvangsjare - daar is geen kwessie van dubbelmedium of enige ander medium nie. In die Unie, soos reeds genoem, laat die wet geen ander taal as die moedertaalmedium toe tot by die derde of vierde of sesde standerd nie.......in die meeste ander lande van die wêreld laat die gesonde verstand van die inwoners hulle geen ander keuse nie. Daarom mag dan ook wel geëis word dat daar vir die Afrikaanse gemeenskap laer-moedertaalskole tot by std.lV verskaf sal word, met ander woorde, dat die kind nie slegs by wyse van toegewings verduidelikings in Afrikaans sal ontvang om Engels beter te begryp nie, ook nie soos by Daisyfield die geval was dat Afrikaans as vak in die substanderds ingevoer mag word nie, maar dat die voertaal in sulke skole Afrikaans sal wees.

Dan eers kan die vraag beantwoord word of die tweede taal, Engels, in dié periode ingevoer mag word. Daarom bestaan daar by die Rhodesiese owerheid sowel as in die reedsgenoemde Rapporte geen onsekerheid nie. Minstens gladnie in die laerskool nie - "a second language is not desirable in the primary school."[1] Die Spens Rapport beveel so'n tweede taal eers in die middelbare skool aan. "We recommend the inclusion of one fo-

1) Sien Hoofstuk Vll.

reign language at this stage because we are assured by psychologists and teachers alike that the special aptitudes and interests concerned in the study of a foreign language.....do not as a rule declare themselves much before 13."[1] Met ander woorde die Afrikaanse kinders wat gedurende die afgelope 40-50 jaar die Rhodesiese skole besoek het, is nie alleen deur 'n verkeerde medium (Engels) verkeerd opgevoed nie, maar hulle het daardie taal ses-sewe jaar te vroeg begin. „Vandag word onnodig en oorhaastig begin met die tweede taal, twintig tot vyf-en-twintig persent van die kind se tyd word daaraan bestee, terwyl al die ander vakke en karakterontwikkeling ook nog voorsien word. Dit is te meer belaglik as ons in ag neem dat die volwassene in ag maande tyd net soveel Engels kan aanleer as wat die kind in agt jaar in die primêre skool kan leer. Verder is bewys dat die kind wat die tweede taal by sy negende jaar begin, by sy sestiende jaar net soveel kennis daarvan het as die een wat by sy sesde jaar of vroeër daarmee begin."[2] „As to the question at what age the children ought to begin to learn foreign languages, I dare not express any decided opinion; I think I should be afraid to begin too early rather than too late; first let the mother tongue have time enough to take a firm and lasting hold of the child's mind before other languages are admitted"[3] het daardie groot taalkundige, Otto Jespersen gesê. Hierdie manie van psigolies-skadelike en pedagogies- ongesonde Engelsmediumonderrig wat in die skool 'n middel sien om „racial harmony", soos die Enkeldoorn-kommissie dit wou doen, te bewerkstellig - en om die twee volksgroepe kunsmatig nader aan mekaar" te bring, het dus met die opvoedkunde so min te doen as „die man in die maan."

Daar is egter 'n ander aspek wat die vroeër-invoer van die Engelse taal in Rhodesiese Afri-

1) Spens Report: 182.
2) Steyn: Moedertaalonderwys, 34.
3) Jespersen: How to teach a foreign language, 186. Vgl. West: Learning to speak a foreign language, 10.

kaansmediumskole as vak natuurlik, gewens maak. Dit is naamlik dat Engels nie altyd 'n algehele vreemde taal is soos byvoorbeeld Frans nie - hoewel dit vir die plaaskind die geval is - maar dat die kind wel met die taal in aanraking kom al is dit maar baie gering. Verder is Engels die enigste offisiële taal van die land en moet die kind hom daaraan onderwerp. Aangesien hy in die werklikheid eers die taal offisieel gebruik wanneer hy die dag die skool verlaat, is die te vroeë invoering van Engels ook nie juis om daardie rede noodsaaklik nie. Maar om die „skyn van kwaad" te vermy, mag, teen alle opvoedkundige raadgewinge in, die tweede taal, Engels, wel as vak in die primêre skool ingevoer word. Hier kan net terloops gemeld word dat dit onbillik is van die Inspekteur om te eis dat die Afrikaanse kind aan die N. G.Kerkskool net so goed in Engels moet wees as die Afrikaanse kind in die Engelse skool - eenvoudig omdat daar geen opvoedkundige rede bestaan waarom die Afrikaanse kind tot by standerd V enige Engels moet ken of leer nie. Die groot rede egter is dat die Afrikaanse kind genoodsaak sal wees om vroeër met Engels te begin om beter aan te pas by die bestaande middelbare skool.

Die primêre skool kan en mag dus niks anders wees as die „primêretaal," die moedertaalskool nie. Die dubbelmediumstelsel sal nie in Rhodesië toegepas kan word nie omdat daar nie van die Engelse onderwysers verlang mag word om sulke klasse waar te neem nie.[1)] Die Afrikaner begeer ook geensins dat die Engelssprekende Afrikaans moet leer nie. Parallel-medium-klasse kan slegs in buitengewone omstandighede toegelaat word.

Wat middelbare onderwys betref, behoort daar genoegsame fasiliteite verskaf te word dat al die Afrikaanse kinders die geleentheid sal kan hê om in hul moedertaal daardie onderwys te geniet.

c. <u>Waar Sulke Moedertaalskole vir die Afrikaanse Gemeenskap opgerig behoort te word.</u>

In paragraaf A is die noodsaaklikheid aan-

---

1) Vgl. Nol, Botes: Waarom die Moedertaalskool verkies [illegible]

getoon van hoeseer die skool binne in en deel van die gemeenskap moet wees. Daarom dan ook het die Eerste Minister gehoop dat die skole wat hy beoog het, nie alleen in „Rhodesian setting" maar ook 'n „local setting" sou hê. Die Afrikaanse skole moet dus ook ontspring waar daar 'n waarborg is dat daar wel ouers sal wees om so'n skool in stand te hou, deur naamlik in die eerste plaas die skoolbevolking te verskaf. Met ander woorde, in die omgewing waar daar genoeg Afrikaanse kinders is om 'n skool te regverdig, behoort 'n skool vir Afrikaanse kinders opgerig te word. Dit sal verseker dat sowel ouer as kind kontak met mekaar behou, dat die ouer die nodige belangstelling in die skool sal toon, en die kind binne in die nasionale lewe sal ontwikkel.

Dit behoort nie noodwendig die bou van nuwe skole te beteken nie. In 'n vorige hoofstuk is reeds aangetoon dat daar etlike distrikte is waar die N.G.Kerklede 'n oorwegende deel van die bevolking uitmaak. In Gutu bv. is dit 80 persent, Charter 71, Melsetter 58. In elkeen van hierdie distrikte bestaan daar alreeds genoeg skole om in die behoeftes van die kinders te voorsien - altans wat die laerskoolonderwys betref. So kan tot voorbeeld Melsetter dien. Die 58 persent N.G.lede bly hoofsaaklik in twee van die drie afdelings van die distrik, naamlik Johannesrust en Chipinga. In die werklikheid is die persentasie Afrikaansprekendes dus hier baie meer as 58 terwyl dit in die derde afdeling, die dorp Melsetter, soveel minder sal wees. Op elkeen van die drie plekkes is daar skole - elk met 'n personeel van drie lede.[1)] Dit sal dan die natuurlikste ontwikkeling wees as die eersgenoemde twee afdelings Afrikaansmediumskole verklaar word, en Melsetter self byvoorbeeld 'n Engelsmediumskool.

Weens geografiese afgeslotenheid bied die hele distrik in ieder geval 'n gulde geleentheid vir 'n sekundêre skool en daarvoor is waarskynlik Chipinga die

1) Sien Rhodesian Service Record: R.Teachers Ass. Notes., July 1945, 425.

geskiksto plek omdat die meeste inwoners daar is, en dit vanselfsprekend is as twee uit die drie distrikskole Afrikaans as medium gebruik, dat die sekundêre skool liewers behoort beskou te word uit die oogpunt van die twee-derdemeerderheid.

So is dit ook met Enkeldoorn die geval. Daar is baie min, indien enige, kinders van Engelssprekende ouers, ("most of the English speaking parents send their children elsewhere," het die hoofonderwyser A.J.Hoffman verklaar.)[1] Daar is geen verskoning om die skool nie in 'n moedertaalskool om te skep nie, en dit wel nie net 'n laer of 'n sekundêre skool nie, maar 'n akademiese hoërskool. In die hoër afdelings van die skool beteken dit owewel nie dat Engels nie as medium van sekere vakke ook gebruik kan word nie. So'n hoërskool sal ook dan vir die hele Gutu-distrik kan dien, waar byvoorbeeld die "Andrew Louw" skool naby Fort Victoria ook reeds as 'n Afrikaansmedium skool verklaar kan word, kragtens die feit dat daar ook weinig Engelssprekende kinders is, asook die res van Charter waar Louwdia, Riversdale- en Umvuma-skole geleë is. Die eersgenoemde twee sal uit die aard van die omgewing ook Afrikaansmedium wees. Verder sal 'n Afrikaansmedium-laerskool in of in die voorstede van sowel Salisbury as Bulawayo tot beskikking van die Afrikaanssprekende gestel word want daar is genoeg Afrikaanssprekende kinders om minstens een laer-skool in elk van die stede te regverdig. Sondagskoolkinders alleen wat maar 'n deel van die Afrikaanse kinders verteenwoordig, tel 300 te Bulawayo en 264 te Salisbury.[2] Die N.G.Kerkskool Bulawayo kan in een van die skole opgaan.

Daisyfield (Bothashof) kan as 'n aparte skool bly voortbestaan, maar miskien sal dit die beste wees om die skool gaandeweg tot 'n suiwer hoërskool te beperk waarheen al die kinders wat in die laerskoolkursus of selfs in die sekundêre skoolkursus in die Afri-

---
1) Enkeldoorn School, Commission Report, p.10.
2) N.G. Kerk-Jaarboek, 1936, 220.

kaansmedium skole geslaag het, die so nodige kans sal kry om 'n Afrikaanse akademiese hoërskoolkursus te deurloop. Die sogenaamde <u>moderne</u> klasse mag wel nog aan die skool verbonde wees op dieselfde basis as wat daar <u>parallelle</u> klasse in die stedelike skole of ander skole sal wees waar dit moontlik is om die Afrikaans en die Engelssprekende kinders in aparte klasse te plaas.

Die Departement en die hoofde van die skole sal in ieder geval die beste weet, hoe so'n indeling ten voordele van albei seksies aangewend sal kan word. Die werklike beskikbare skole is geen probleem nie - as die erkenning van die noodsaaklikheid van moedertaalonderwys net eers deur die Departement geskied het. Wanneer tot die beginsel besluit, is sal die res vanself uitmekaar val.

d. <u>'n Paar Departementele Besware Weerlê.</u>

Daar is egter 'n paar gewettigde besware in verband met Afrikaansmediumskole waaroor die Departement moeilik sal kan besluit. Die eerste is die teenwoordigheid van Engelse kinders op daardie skole. As daar genoeg is, sal 'n stelsel van parallelle-klasse ingestel moet word.....soos die omgekeerde die geval sal wees wanneer daar Afrikaanse kinders in die Engelse skole is.

Die enigste alternatief andersins is dat die Engelssprekende ouer die noodsaaklikheid van moedertaalonderwys sal besef en sy kind na 'n Engelsmediumskool stuur....soos die Afrikaanssprekende ouer dit nou alreeds vir 50 jaar lank gedoen het, wanneer hy sy kind 'n regte en gesonde opvoeding wou laat geniet, om sy kind na 'n Afrikaanse skool te stuur - selfs buite die grens van die land en amper 2000 myl van die ouerhuis af.

'n Ander beswaar is natuurlik die onderwysende personeel. Waar gaan die Departement die onderwysers en onderwyseresse kry om al die Afrikaansmedium skole te voorsien? Ook dié probleem is nie moei-

lik om op te los nie. In die eerste plek is daar reeds 'n groot aantal Afrikaanssprekende onderwysers in die land, wat as hulle in die Afrikaanssprekende skole gekonsentreer word, alreeds die grootste deel van die vereiste personeel uitmaak. Om weer die drie skole van Melsetter tot voorbeeld te neem, daar is 5 uit die 9 onderwysers Afrikaanssprekend (1945).[1)] Slegs een ander Afrikaanssprekende onderwyser is nodig vir die drie skole as hulle die laerskoolstatus behou en Melsetter 'n Engelsmediumskool word.

In die tweede plek is dit tog waar van enige „nasionale" onderwysstelsel, dat die gemeenskap sy eie onderwysers sal „trek" en verskaf, met ander woorde dat Afrikaanse onderwysers vir die Afrikaanse gemeenskap voorsien sal word deur daardie gemeenskap - in die eerste plek natuurlik deur die Rhodesiese gemeenskap van Afrikaners. „With or without State intervention, we shall have the schoolmaster always with us, by the normal action and reaction of supply and demand, so long as the general administration remains sufficiently good to secure a fair field for this and other peaceful activities."[2)] In die verlede was so-iets onmoontlik, en het die Departement dan ook (nie altyd met reg) kon kla dat daar nie genoeg Afrikaanse kinders as onderwysers opgelei word nie. Maar dit is natuurlik ten gevolge van die kringloop van verkeerde onderwys, swak prestasie, vertraging, skoolverlating ensovoorts, sodat daar baie min van die oorspronklike nuwelinge ooit in die eindeksamen slaag of na 'n Universiteit of Kollege gaan. Daar kan dan ook nie verlang word dat die weinig wat wel slaag, almal vir onderwysers sal gaan studeer nie. Die volgende Tabel kan dien tot opheldering van die geringe aantal kinders van die N.G.Kerk wat in vergelyking met die ander kerkgroepe in die middelbare afdeling, om van die Universiteit self nie te praat nie, op skool is.

reeds melding gemaak is nie, maar is goedgunstig deur die Sekretaris van Onderwys verskaf).[1)]

KINDERS IN STAATSKOLE EN ANDER.

| | Hoër. | Laer. | Ander. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| "Church of England | 1072 | 3572 | 1287 | 6561 |
| Roman Catholic | 202 | 414 | 1023 | 1639 |
| Dutch Reformed | 469 | 2104 | 149 | 2722 |
| Other Christian | 1277 | 2738 | 582 | 4597 |
| Jewish | 183 | 306 | 133 | 622 |
| No Religion | 5 | 47 | 1 | 53." |

Die uitstaande kenmerk van hierdie tabel is dat waar die aantal kinders van enige besondere kerkgroep in die Middelbare Skole in die verhouding staan van omtrent die helfte van dieselfde kerkgroep in die Laerskool, daar staan die kinders van die N.G.Kerk in 'n verhouding van 1:4½. Dit kan beteken dat 'n deel van die Afrikaanse leerlinge verkies om hul middelbare onderwys buite die grense van die land te geniet, maar op verre na nie soveel om die verhouding te balanseer nie, aangesien soos reeds aangetoon daar net 471 leerlinge, wat ook 'n aansienlike persentasie Engelse insluit, elders studeer, dat van die getal 131 onder 13 jaar is en slegs 240 bo 13 jaar, en dit dus baie min verskil aan die hele verhouding sal maak. Al sou dit 'n verskil maak, kan dit nog geen regverdiging vir die Departement wees om die Afrikaanse kinders elders heen te laat vlug nie. Die feit wat bly staan, is dat weinig Afrikaanse kinders ooit hul akademiese loopbaan voltooi.

Wanneer die opvoeding egter wetenskaplik is, en in die moedertaal volgens die voorgestelde skema van moedertaalskole waar die Afrikaanse kind op minstens 2, maar moontlik op 3 of 4 Afrikaansmediumskole die geleentheid kry om sy akademiese skoolopleiding te voltooi - immers sal die skole hul hoërskoolstatus alleen kan regverdig as daar 'n genoegsame aantal Afrikaanse leerlinge vir hulle te vinde is - sal daar baie meer Afri-

1) Education Department. 2209,1151,68.

kaanse kinders vir die na-skoolse akademiese, of professionele studie gevind word ...en dient ingevolge 'n baie groter persentasie onderwysers as wat vandag die geval is.

Maar in die derde plek sal dit die Afrikaanse bevolkingsdeel moet vrystaan om onderwysers uit die breër volksgeledere in die Unie te kry, net soos die Departement (of die Engelssprekende ouer dan) vir die Engelse skole onderwysers uit Brittanje rekruteer."

Dit is dan ook noodsaaklik dat die gemeenskap op een of ander manier wel 'n seggenskap in die benoeming van onderwysers sal hê. Dit is vir die Afrikaanse gereformeerde ouergemeenskap weens die hele uitgangspunt van die skool, dat dit naamlik 'n instelling van die ouers in groepsverband is, onmoontlik om met 'n beleid saam te stem waar die ouer geen seggenskap in die benoeming van die onderwyser wat daardie nasionale maar ook daardie christelike onderwys aan sy kind sal verskaf, het nie. "As tussen huis en skool 'n noue samewerking en 'n ooreenkoms in lewens- en wêreldbeskouing bestaan, sal die skool in sy opvoedingstaak die werk van die huis voortsit, en daaraan toevoeg wat die ouers nie self kon gee nie. Hiervoor is 'n vereiste dat die skoolonderrig in die moedertaal van die kind sal geskied, maar dit alleen maak van die skool nie 'n volkskool nie. Ouer en onderwyser moet geesverwante wees sodat wat die ouer heilig is, nie deur die onderwyser geminag word nie, of omgekeerd. Dit geld sowel wat die godsdiens as wat die nasionale aspirasies betref. Te meer is Christelik-Nasionale skole nodig vir die kinders wat onder ons vergevorderde toestand van ontaarding geen gesonde huislike opvoeding geniet nie. Sonder die tweelingpeilers "Christelik" en "Nasionaal" staan ons skole op onvaste grondslag."1)

Hoe die gemeenskap in die benoemingsproses van 'n geesverwante onderwyser verantwoordelikheid kan

1) D.J. van Rooy in Wapenskou: September 1943, 23.

neem, word in 'n mate in 'n volgende paragraaf bespreek, maar die beginsel van algehele samewerking tussen ouer en Departement moet vooropgestel word. Ten opsigte van die aandeel van die Afrikaanse ouer in die onderwys van sy kind geld ook die aanbeveling vervat in die Spens Rapport: "It must be recognised as a governing principle that parents over and above their general rights as citizens, have a dominant interest in the education of their children. Education must always begin at home, and to the end of school life continues to be shared between home and school.....The degrees and modes of partnership vary widely as circumstances differ. Where parents may choose their children's schools, their influence in favouring certain types and maintaining certain disciplinary and cultural traditions is unmistakable. Elsewhere extreme poverty at home and defective standards may create special problems for the school, but here, as in the former case, the school's success depends, in the long run upon a good understanding between parties who, whether they are conscious of it or not, are partners in the children's upbringing."[1] En as reël kan die beginsel geld dat die Afrikaanse ouer sy kind liewer na 'n Afrikaanse skool stuur, al word daar ook oor die onderwyspersoneel getob.

E. Deur wie die Skole in Stand gehou moet word.

Hierdie "good understanding" is ewe noodsaaklik in die beantwoording van die vraag wie sulke Afrikaansmedium skole in stand sal hou. Dit is geensins nodig dat daar enige veranderinge in die huidige stelsel kom nie. As beginsel moet geld dat indien die staat die nodige wetgewing verskaf ten opsigte van moedertaalskole, die staat sal toesien dat daardie skole opgerig of deur die staat onderhou word. Immers is dit ook die plig van die staat om toe te sien en die waarborg te bied dat die volksonderwys in al sy vertakkinge op deugdelike peil gehou en binne die bereik van almal sal val. In hierdie

1) Spens Report: 148.

sin is die staat dan ook die orgaan van die regsordenin en draer van die so begeerde „volkseenheid." „The state claims to stand both as an authority, ready to make provision of education, sponsor for all children of the nation, and as an arbiter, judging and deciding between the rival claims of other associations. From this supremacy there is no escape."[1] Immers bestaan daar naas die kerk ook geen mag wat die koste verbonde aan die instandhouding van skole van een geslag na die ander kan oordra nie. Die staat is al een wat tot sy beskikking het die onmeetlike invloed van die administratiewe gesag, die hele personeel vir inspeksie en kommissoriale toesig, die onbeperkte beskikking oor die beurs van al die burgers, die vaste posisie wat hy die onderwyser kan aanbied en die pensionering van eervol-ontslane onderwysers, 'n vaste en daardeur allesveroorloofde wet, en voor alles 'n kostelose onderwys. Met al die bronne tot sy beskikking kon die staat dan ook doen wat die Rhodesia Herald beskryf: „Rhodesia by nature of its growth almost inevitably developed state schools as the backbone of its educational system. It is to the country's credit that these schools have developed a standard of individuality, personality and efficiency that is extremely high.....Whichever is the better, the well financed and well staffed State School or the xpensive, exclusive and remote public school (English), Rhodesia is now joined for ever with the State system."[2] Die N.G.Kerk en die Afrikaner begeer hierin geen verandering nie, en die <u>Afrikaansmediumskole moet staatskole wees.</u>

Maar altyd met die verstandhouding dat dit sover sal wees as wat die staat gaan, en dat die staat nie self sal probeer onderwys gee nie. „De Staat kan niet schoolmeesteren, wijl hy noch paedogogische beginselen, noch godsdienstige belijdenis heeft, en diensvolgens een neutraliteit moet najagen."[3] Daarom moet die

1) Findlay: The Foundations of Education, 102, 103.
2) Rhodesia Herald: 27.4.1948.
3) Kuyper: Ons Program, 589.

Afrikaner dan ook verklaar, soos in die Spens Rapport saamgevat: "The doctrine that the provision of education is a national (state) concern has long been accepted among us, as well as the correlative doctrine that agents of public authority may usefully help the schools to express in their teaching and general life the best traditions of national culture."[1] "Die uiterlike toestande wat vereis word vir 'n respektabele en nuttige lewe, moet die staat verskaf. Dit is die heilige plig van die staat en nie maar bloot 'n gunsbewys nie. Maar die staat moet sorg dat iedereen die bevoegdheid sal opdoen om van die geleenthede die beste gebruik te kan maak. Hierin sit die volkswelvaart en hierin lê ook die sukses van die Regering."[2]

In die verhouding tussen Staat en die "agents of public authority" òf laasgenoemde nou die ouers, die ouerverenigings, die skoolraad of die kerkraad of volk self is, mag daar, en dit kan ook as beginsel vasgelê word, geen konkurrensie wees soos in die verlede maar alte dikwels die geval was nie. Wanneer dit wel so is, het die Staat nie alleen die beste kans om te wen nie, maar word die skool verlaag, juis deur hierdie kansspel, tot 'n politieke "broeines", waar die lewe of die dood van die "vrye" skool dan in die hande van 'n kunsmatige parlementêre meerderheid is, waar die onderwys self skade berokken word en die "wedstryd" van die pedagogiese op die prinsipiële en politieke terrein oorgebring word. "No one proposes to return to the position of thinkers like Herbert Spencer, who would exclude the State wholly from the field of education. But observing, as one cannot now fail to do, how completely and exclusively the State may occupy that field....turning the schools and the teachers into mere instruments of its policies, vehicles for the dissemination of the ideas it approves, and means for excluding from the minds of the young all ideas of which it disapproves....then

1). Spens Rapport: 151.
2) Prof. N.J.Brummer in die "Naweek": 9.11.1944, 22.

we feel bound to assert our faith in the English compromise between State regulation and freedom of teaching, and to express the hope that circumstances will never arise to endanger its continuance. For where the schools offer much which the young will accept, even with enthusiasm, nevertheless, though they may not know it, their minds are in prison. We find it impossible to believe that a community will not in the long run, suffer by such drastic limitation of intellectual autonomy, and that, on the other hand, it has not everything to gain from the free growth of individuality among its potential citizens."[1)] So het die Spens-Rapport die gevaar van staatsoorheersing, (hoofstuk V1) waaraan die Afrikaanse kind dan ook wel in Rhodesië onderworpe was en nog is, geskets.

Daarom wil die Afrikaner geen aparte losstaande liefdadigheids- of kerkskooltjie deur die land hê, soos hy tans genoodsaak is om as protes en in verset te Bulawayo op te rig nie, maar is gewillig om met die Staat saam te werk om van die Moedertaalstaatskole 'n sukses te maak. Vir daardie volkseie skool, vir daardie moedertaalonderwys het die Afrikaner getoon dat hy baie sal opoffer as die staat dit van hom vra. Dit wil die Afrikaner dan vandag ook doen - trots die feit dat dit mens wil voorkom of die laaste woord oor die skoolgeldvrye skool gesê is -, enersyds omdat die meeste Afrikaners vandag daar beter aan toe is as tien of vyftien jaar gelede toe 'n groot deel nie kon bekostig om die staat bo en behalwe die belastingheffing, deur middel van skoolgelde ensovoorts te steun nie, maar andersyds omdat hulle besef: "The progress of education depends in the long run, on the existence of a belief in its importance sufficiently strong to induce men and women, individually as parents and collectively as citizens, to make sacrifices in order to promote it. Such an attitude is much more general today than it was even

1). Spens Report: 151.

so recently as ten years ago. But an educational system is most likely to command public support, if the principles upon which it is based are widely understood."[1]

En daardie beginsels waarvoor die Afrikaner opofferinge wil doen en wat hy en sy kerk die maklikste sal verstaan, is die beginsel van moedertaalonderwys, want dit is die enigste onderwys wat nie gebaseer is nie "on historical accidents or social conventions, but corresponds to the broad phases and obvious requirements in the life of those, for whom education is designed."[2]

Wanneer dus die Departement of die staat met betrekking tot die uitgawes verbonde aan 'n stelsel van moedertaalonderwys vir die Afrikanerkind ook net soos vir die Engelssprekende kind beweer "we certainly are in no position to face the financial implications of such a step,"[3] dan sal die Afrikaner vandag, getrou aan sy gereformeerde belydenis, die staat daarop kan wys dat skoolgeldvrye onderwys tog geen ekonomiese stelsel is nie, en dat hulle, die Afrikaners, wat kan, gewillig is om deur betaling van skoolgeld daardie "financial implications" sonder meer uit die weg te ruim.

b. Die Uitwerking van so'n Stelsel van Moedertaalonderwys vir die Afrikaanse kind in Rhodesië.

i. Die Tweetaligheidsfaktor - volgens dr. E.G.Malherbe - van die Afrikaanse kind in Rhodesië.

Om die uitwerking wat 'n stelsel van moedertaalonderwys op die Afrikaanse kind sal uitoefen, te bespreek, is om die opvoeding self te bespreek - sy aard en wese, sy grondslag, sy inhoud en vorm, sy doel en uitgangspunt. Daaroor is dan ook die boekdele wat in belang van die opvoedkunde staan, wel geskryf, enersyds omdat van die vanselfsprekende veronderstelling uitgegaan word dat die onderwys in en deur die moedertaal geskied, andersyds omdat slegs bewys wil word watter gevare daarin bestaan wanneer dit nie die geval is nie.

Daarop mag dit mens wel voorkom of die boekie "Die Tweetalige Skool" van E.G.Malherbe wel 'n uit-

1) Hadow Report: 94.
2) Idem.
3) Education Department Archives: 5163-2242,39-8,259

sondering vorm. Oor die aanvegbare stellings en gevolgtrekkinge wat hy gemaak het, is reeds in die vorige hoofstuk geskryf. Hier moet slegs aangetoon word (1) dat die toestande soos deur sy boekie beskryf, gladnie parallel is met Rhodesië nie, omdat daar geen tweetaligheidsvraagstuk is nie.....die Afrikaner wil Afrikaans sowel as Engels deeglik praat, maar dit verlang hy gladnie van die Engelssprekende nie. As laasgenoemde net Engels wil praat, sal dit die Afrikaner nooit aangaan nie. (2) Verder is die heer Malherbe se ondersoek beperk gewees in ieder geval tot standerds IV tot X -tot die kinders wat beide tale, dit wil sê ook Afrikaans, wel geleer het, en volgens die wetsbepalinge, naamlik dat primêre onderwys in die moedertaal moet geskied. As die owerheid dus op dubbelmediumonderwys wil aandring, kan die Afrikaner dan, as dr. Malherbe se stellings aangeneem moet word, ook wel aanspraak daarop maak dat sodanige onderwys ná die primêre onderwys sal geskied. Dit maak nogtans moedertaallaerskole noodsaaklik. (3) En as die dubbelmediumonderwys waaraan die Afrikaanse kind in Rhodesië in die laerskole onderwoppe is wel die beste is, verstandelik, geestelik, wetenskaplik, pedagogies, dan is die Rhodesiese owerheid per implikasie immers besig om met hul huidige wegewing en beleid 'n onderwysstelsel te volg wat daarop neerkom dat die Engelssprekende kind verstandelik en geestelik belemmer word en die wetenskap en die pedagogie verlaag word. Om die beste resultate vir die Rhodesiese Engelssprekende kind op opvoedkundige gebied te verkry, sou dus beteken dat die wetgewing en die beleid van die land (en van alle ander lande van die wêreld) verander moet word om die Engelssprekende eentalige kind te dwing om 'n tweede taal in die laerskool by te leer. En aangesien dit wel in Suid-Afrika is waar die "proefnemings" met Afrikaans so'n sukses was en aangesien die Rhodesiese kind die voorregte kan geniet om met daardie taal meer as met die ander Europese tale in aanraking te kom, sal dit be-

teken dat, om die beste vir die Rhodesiese leerling te verseker, nie alleen die moedertaal noodsaaklik is in die laerskool nie, maar dat Engels vir die Afrikaanssprekende kind (soos die geval wel is) verpligtend gemaak word, maar Afrikaans ook vir die Engelssprekende kind verpligtend sal wees. Tot sy konkrete konsekwensie deurgevoer moet die onmoontlikheid selfs „belaglikheid," om dr. Malherbe se boekie as opvoedkundige maatstaf vir Rhodesiese laerskole te gebruik, duidelik wees. (4) Dr. Malherbe se boekie het betrekking op onderwys na std. IV. Waar hy probeer bewys dat 'n stelsel van dubbelmediumonderwys verstandelik die beste vir die kind is, het hy reeds as antwoord gekry die beskouinge van ander gesaghebbendes wat die „aparte skole as die enigste geregverdigde skool beskou. Die gevolgtrekking waartoe dr. Malherbe geraak het was slegs die beskouinge van die helfte van die kommissie wat die voertaalvraagstuk in Suid-Afrika moes ondersoek. Die ander getuienisse was oorweldigend ten gunste van „aparte skole vir die aparte voertale met inagneming van die eise van plaaslike omstandighede wat betref getalle."[1] Gesien in die lig van die werklikheid, sal dit ook die enigste beleid wees wat in Rhodesië toegepas kan word. („Malherbe has not proved his case either for bilinqual or dual medium-instruction. In fact a critical survey of the report leads me to the inevitable conclusion that it is not the sort one would expect from a man of the experience and ability of Malherbe. If it were not for the fact that this has become a burning political question much discussed these days, I do not think Malherbe's book would have deserved to receive the attention and publicity it has achieved.)[2] Wat egter wel aanneemlik is uit dr. Malherbe se stellinge, is dat die studie van 'n tweede taal die algemene verstandelike ontwikkeling mag bevorder. Deurdat die Afrikaanse kind nou die geleent-

1) Vgl. Botes: Die Taalmediumvraagstuk, 115, e.v. ook Basson: Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese, 96 - 98. (110.
2) Prof. Janse van Rensburg, aangehaal deur Basson, a.w.,

heid sal kry om albei tale intensief te studeer in Rhodesië mag hy dan ook verstandelik beter daaraan toe wees.

Om kort te gaan: al die partye wat betrokke is by die opvoeding en onderwys in Rhodesië, sal daarby baat as die Afrikaanse kind toegelaat word om van sy geboortereg wat betref onderwys in sy moedertaal, die volle gebruik te maak.

ii. Die Uitwerking op die Kind.

Die skool self in al sy vertakkings sal daarby baat. Dit is die bevinding wat Owen Edwards op die „Imperial Education Conference" van 1911 uitgespreek het. „In the Welsh Speaking districts, it is not to much to say that the newer method of teaching by means of home language has practically doubled the efficiency of the schools."1) En hierdie „Conference" het op latere datum onomwonde verklaar. „The language best known and understood by the child on his entry into school life is, from the educational point of view, the most effective medium for his instruction in the preliminary stages of school instruction."2)

Die beter prestasie van die Afrikaanse kind in 'n skool waar hy sy moedertaal deeglik studeer en ook Engels as vak (niks, behalwe opvoedkundige oorweginge, verbied die invoering later van Engelsmedium vir sekere vakke om hom met sy Engels aan te help nie, dit wil sê as dit wel nodig is), beteken dan dat die Afrikaanse kind vanaf die laerskool vanselfsprekend „tweetalig" is, en sy „kans" in ieder geval net so goed om op die middelbare skool beter as die Engelse kind te presteer - en dit sluit 'n beter prestasie selfs in Engels as vak gladnie uit nie. Dit was byvoorbeeld die bevinding in die Unie dat die Vrystaatse leerlinge uit Afrikaanse enkelmediumskole die hoogste gemiddelde punte in Engels behaal het in die hele Unie in die matrikulasie-eksamens. Daar is geen rede waarom dit nie baie meer die geval in Rhodesië sal wees nie, sodat die Departe-

1) Aangehaal deur L.N.Botha: Die Stryd om Moedertaalonderwys in Natal, 23.
2) Saer, Smith and Hughes: The Bilingual Problem, 97.

ment enige vrees dat die Afrikaanse kind nie net so goed as die Engelssprekende kind sal presteer nie, met gerustheid kan verwerp. Immers, as statistiese gegewens wel beskikbaar was, mag daar met 'n mate van sekerheid gesê word dat die Afrikaanse kind in die N.G.Kerkskooltjie te Bulawayo nie alleen beter sal presteer in Engels as sy Afrikaanse maatjie uit die Engelssprekende skool nie, maar as die Afrikaanse kind die geleentheid kry om tot by die skooleindeksamen met dié kursus vol te hou, selfs ook beter as die gemiddelde Engelssprekende kind in die laasgenoemde soort skool. Dit mag nie aan die einde van die laerskool die geval wees nie, dog as die Departement wel verlang, en dit kan nie deur die moedertaalskool bereik word nie, - wat nog eers bewys moet word maar wat in ieder geval 'n opvoedkundig onredelike en onmoontlike versoek is.....dan sal daar moet gedoen word wat in Wallis gedaan word. Daar is in sekere gebiede gedurende die eerste drie jaar, van 5 tot 8 jaar, die voertaal uitsluitend Wallies. Geen Engels word in hierdie tydperk onderrig nie. Na die ouderdom van 8 jaar word Engels alleen as spreektaal onderrig en daarna begin die leerlinge dit lees. Vervolgens word Engels in toenemende mate as voertaal by die onderwys gebruik. Aan die eindtydperk van die primêre skool is slegs Engels die voertaal, terwyl Wallies alleen as taal onderrig word. Volgens die stelsel sal ook in Rhodesië dan die vereiste "hoë" peil in Engels bereik word terwyl letterkundige en korrekte Afrikaans tog as vak kan voortgaan.[1] Daar moet egter aangetoon word dat die kinders in Wallis meestal dan op 14 jarige leeftyd die skool verlaat, dit wil sê nie veel verder as die laerskoolgrens nie, sodat dit wel noodsaaklik vir hulle is om Engels magtig te word as hulle so vroeg uit die skool gaan. Waar die skoolverlatingsouderdom in Rhodesië op 16 gestel gaan word,[2] het die Afrikaanse kind in ieder

1) Vgl. A.L.Charles in Die Huisgenoot, 10.12.1937, 47.
Vgl. West: On Learning to speak a foreign language, 4.
2) Sien: Report of Education Commission 1947.

geval minstens 4 jaar tot sy beskikking om verdere opleiding in Engels te geniet. Dit is slegs die munisipale ekonomiese beleid waarvan Rhodesië vry is vir so ver dit die onderwys betref, wat die stelsel op Wallis afdruk en nie die opvoedkundige redes in die eerste plek nie.

Maar verder: 'n skool sal ook beter bestuur kan word waar die klasse almal uit Afrikaanssprekende kinders bestaan. Differensiëring kan makliker geskied omdat een van die grootste vertragingsmoeilikhede, gebrekkige taalkennis en sy gevolge, uitgeskakel word. In 'n vorige verhandeling[1] is aangetoon dat die stroekstelsel van eksamen en Intelligensietoetse[2] die wenslikste is vir Rhodesië, en as daarmee gepaard gaan die vergelyking van slegs Afrikaans met Afrikaanssprekende kinders, behoort 'n puik stelsel van skole opgebou te word, en die moeilikheid van 'n klompie vertraagde Afrikaanse kinders in 'n Engelssprekende klas soos vandag die geval is, wat die gevolg moet hê dat die algemene prestasie-vermoë van die klas verlaag word, sal dan nie meer bestaan nie. As daar dan van die Afrikaanse kinders na die moderne klasse of tegniese of akademiese skole moet gaan, dan sal die keuringsbasis baie eenvoudiger en baie billiker wees as wat vandag die geval is. In hierdie verband sal die Afrikaanse kind dan ook voorlopig van die bestaande Tegniese skool gebruik moet maak.

Dit moet baie duidelik blyk uit alles wat reeds ten opsigte van die moedertaalonderwys gesê is, dat die gunstige omstandighede sal geskep word waarin die sielkundige en pedagogiese ontwikkeling van die kind self onbelemmerd sal kan begin en voortgaan. Daar is beter geleenthede om die stadium van ontwikkeling van die kind, hetsy in sy geheel, hetsy in besondere vakke soos byvoorbeeld Engels in ag te neem. Daardie vae gevoel van onsekerheid, en selfs skuldgevoel wanneer hy

1) Olivier: Recent Educational Adaptations in Southern Rhodesia, 146.
2) Alexander: Educational Needs of Democracy, 33, 68.

nie iets kan begryp nie terwyl sy Engelse maats dit wel doen, wat hom dryf om homself af te sonder van die wêreld weens 'n verkeerde lojaliteit teenoor 'n lewenshouding wat sy elementêre karakter haas nooit ontgroei nie, sal nie meer bestaan nie. So'n kind sal nie ly aan daardie minderwaardigheidsgevoel wat sovoel van die Afrikaanse kinders kenmerk nie. Daar sal vertroue in die onderwysstelsel en selfvertroue by die kind wees. Hy is dadelik in die vermoë om gou, logies en sonder stromming te dink, hy verstaan beter, hy vorder in sy klas soos hy behoort te vorder.

Op sport-,geestelike en intellektuele gebied sal die Afrikaanse kind sy talente, wat deur 'n onopvoedkundige stelsel soms op so'n tragiese wyse verlore gaan, inspan in diens van sy skool, sy Here, sy volk en sy persoonlikheid. Die skreiende onreg aan 'n jong lewe wat van nie beter weet nie, sal verdwyn. 'n Nuwe mens sal uit die skool uittree, gereed om nie ter vergoeding van die jare van onderdrukte emosies en selfuitingsdrang, as 'n harde eiser teenoor die lewe en die owerheid of ook dikwels as 'n protesterende swakkeling te bly staan nie, maar om die verantwoordelikheidsgevoel wat ontstaan, met die beste wat uit sy hele persoonlikheidsontwikkeling sal ontspruit, te gebruik om 'n waardige land- en volksgenoot en 'n volle mens te word.

iii. <u>Op die Volk.</u>

Deur so'n stelsel sal die kind die geleentheid kry om in 'n skool te leer wat probeer om "voor alle andere dinge eers 'n nuwe wêreldbeskouing in die sin (te) ontwikkel, dat hy aan die jeug gee 'n klare ondubbelsinnige begrip en waardering van die nasionale bestaan en hulle huidige eise."[1)]

Om die kind binne sy volksverband te behou, sal dan ook een van die vernaamste kenmerke van die Afrikaanse skool wees. Daardie verlamming van 'n kleurlose mentaliteit wat die volkgeheel tot doelloosheid en daad-

1) de W. Keyter: Opvoeding en Onderwys, 483.

loosheid doem, sal bestry en beveg word en 'n onderleggende doelstrewendheid sal by die kind teenoor sy volk ontwikkel. En al is daar geen uiterlike politieke volkstruktuur in Rhodesië nie, sal daar baie meer wees van die enkelinge wat, met 'n diepere krag van selfvertroue, innerlike weerbaarheid, geloof in die roeping van die Volk, uitgegroei in 'n atmosfeer van 'n Christelike en nasionale onderwys, die kern van 'n daadkragtige volkskultuur sal vorm en die kiem van latere volksprestasies op baie van die onderontwikkelde funksionele eenhede soos die sakelewe, industrië, politieke en munisipale gebiede sal inhou.

Enersyds sal die kind dan die voorreg geniet om so te ontwikkel dat hy met sy hele hart en gees en wese in die gees van sy Volk sal staan, en die onderwys sal juis vir hom daardie latente kragte wat hul oorsprong in die verre volksverlede het, ook vir diens in Rhodesië, langs dié van die Engelssprekende kind vrystel. Andersyds sal daardie volk as 'n <u>aparte, volwaardige</u> volksdeel langs die Engelssprekende volksdeel sy plek inneem in die algemene vooruitgang nie alleen in Rhodesië nie, maar in die hele Sentraal-Afrika. Dan sal samewerking moontlik wees en as vanselfsprekend kom, want nie alleen die enkeling nie maar die volk in sy geheel kry die geleentheid om sy lewe uit te bou op die enigste basis van waar werklike samewerking ontspring: Die Goddelike liefde. En nie alleen van die enkeling nie maar van die volk as nasie sal dan ere aan die God gebring word uit Wie, deur Wie en tot Wie alles is. „Er is een waarheid, een recht onzen Gods, dat niet by den strijd der enkele ziel, noch ook in de kring der vromen, maar eerst by de verhouding van geheel ons volk aan de orde komt."[1)]

Wanneer die Afrikanervolksdeel hom te volle begin uitleef en sy volle verantwoordelikheid kan aanvaar, sal dit in Rhodesië die verdere uitwerking hê dat

---

1) Kuyper: „Ons Program", 1187

by baie van die Afrikaners wat vandag huiwer om hul nasionale lewenshouding as eg as reg te aanvaar, deur die eenheid van die volk in Rhodesië en tot aan die Kaap daardie twyfel sal verban word. Dan sal die Afrikaner besef: „Geen volk kan ooit werkelijk opgevoed, d.w.z. geestelijk en zedelijk, sterk gemaakt worden door de miskenning van zijn natuurlijke aanleg, en van zijn nationale eigenaardigheden en tradities. Waar deze miskend worden, daar wordt het nationaal zelfrespekt ondermijnd en waar zelfrespekt vernietigd word daar is karakterbouw onmogelijk. Het volk dat veracht het genie des volks is, veracht zichzelf en veracht zijn karakter en zijn toekomst," [1] soos dr. Malan in die verband verklaar het. En hy sal ook insien: „Of Rhodesia in de toekomst een deel zijn sal van de Unie of niet, op staatkundig, maatschappelijk en godsdienstig gebied zullen hare belangen en de onze altijd ten nauwste met elkander zamenhangen......Terwijl onze uitgewekenen in andere oorden op den langen duur hun nationaliteit verliezen moeten, kunnen en zullen zij zich hier handhaven. Het wel en het wee van Rhodesia zal altijd ook zijn het wel en het wee van een belangrijk deel van ons volk en onze kerk." [2]

iv. Op die N.G.Kerk.

Dit sal dan ook die N.G.Kerk wees wat as die instelling van die volk seker die dankbaarste sal wees wanneer moedertaalonderwys deel van die regeringsbeleid word. As die opvoeding van die lede van die kerk reg is, dan sal die kerk ook numeries, organies, dinamies gesond en sterk wees. Die kind sal geheg raak aan sy Afrikaanse kerk omdat die prinsipiële grondslag van die opvoeding die godsdiens en godsdiensonderwys, die geskiedenis en die geskiedenisonderwys, die moedertaal en die moedertaalonderwys in so'n skool tot sy reg sal kom. Die kind se christelike godsdiens, sy volksgeskiedenis, sy kerk se taal is deel van die skoollewe.

1) Malan: a.w., 78.
2) Malan: a.w., 84.

waarin die kind die geleentheid kry om volle liefde vir daardie taal van sy kerk te ontwikkel, en om die een groot struikelblok tot kerklike bywoning van die verlede naamlik die ongemaksgevoel dat hy nie „tuis" in die taal van sy kerk is nie uit die weg te ruim. Die kind sal hom vry voel en ook aangetrokke voel tot die kerk, die Afrikaanse Sondagskool en katkisasie. Hy sal nie langer vreemd en onverskillig daarteenoor staan nie. In Bulawayogemeente woon tans 300 kinders die N.G.Sondagskool by, in Gwelo 230, in Enkeldoorn 220, Fort Victoria 135, Salisbury 264, Umtali 160, Melsetter 100, Gatooma 80,[1) ] dit wil sê 'n totaal van 1490 kinders in Suid-Rhodesië, terwyl volgens die statistieke van die Onderwysdepartement daar 2496 kinders in die skole in Suid-Rhodesië is wat tot die N.G.Kerk behoort. Meer as duisend N.G.kinders woon dus nie die Sondagskool by nie, en dit uit die klein getal van 2500, dit wil sê meer as 40 persent. Daar sou wel 'n verskeidenheid van oorsake voor wees, maar daar bestaan min twyfel dat die grondoorsake gereduseer kan word na antipatie of onverskilligheid of vrees vir die kerk wat weer op sy beurt gebore is uit die verkeerde skoolonderwys en atmosfeer waar die taal van die kerk en die gees van daardie taal misken word. „Die grondoorsaak van hierdie beklaenswaardige toestand is die feit dat Afrikaanssprekende kinders in Engelsmediumskole of klasse geprop word en aldus die ankers wat hulle in hul eie volkslewe moet anker, totaal loslaat en verloor,"[2)] het J.O.Greyling verklaar met betrekking tot die 1500 Afrikaanssprekende kinders in Natal wat in Engelse Sondagskole of gladnie in 'n Sondagskool is nie. En as dit die resultaat is in Natal waar albei tale wel onderrig word, is dit nie moeilik om aan te neem dat by die groot aantal Afrikaanse kinders wat afwesig is van die Sondagskole in Rhodesië, die gebruik of onmag om die Afrikaanse taal te gebruik tot vernaamste

1) N.G.Kerk Jaarboek 1946.
2) Greyling: Die Natalse ouer en die Opvoeding van sy kind, 29.

verskoning sal dien nie. Ook is dit andersyds 'n aanduiding van hoe die onderrig van albei tale die hele land sal beïnvloed. In Natal naamlik is die toestande in baie opsigte identies met Rhodesië behalwe dat die Afrikaanssprekendes in Natal omtrent 30 en in Rhodesië omtrent 20 persent van die Skoolbevolking vorm. Maar in Natal is die kinders wat nie Sondagskool toe gaan nie, omtrent 12½ persent (1500, uit 12,000),[1] in Rhodesië 40 persent. As die onderrig van die moedertaal in Natal die groot verskil maak, sal die N.G.Kerk in Rhodesië ook dankbaar wees as die 40 persent tot 12 verminder kan word. En dit alleen regverdig die „lojale verset" van die Afrikaner teen die onderwysstelsel in Rhodesië, veral ook as onthou word dat dit 'n gereformeerde Sondagskool is, wat nie alleen trag om die ewigheidswaardes by die kind in te boesem nie, maar 'n kerklike instelling is wat besef dat elke kind wat losstaan van die Sondagskool, gevaar loop om die ateïsme in 'n liberale staat te bevorder, en dus skadelik vir die hele Rhodesië moet werk.

'n Belangrike „hulpmiddel" vir die kerk mag dan ook blyk die skoolkoshuise. Deur 'n beleid van sentralisering is feitlik 'n derde van die Rhodesiese leerlinge kosgangers.[2] „Ons skole en skoolkoshuise beywer hulle doelbewus om ons kinders los te maak van hul volk en kerk. Na ondersoek het dit besonder duidelik geword dat die koshuise 'n nog groter invloed op die kinders uitoefen. Die tennis Sondagmôrens, die konsertoefeninge Sondagmiddae, die Girl Guides en Klubs, die danspartye van prefekte, die Engelse leeskamers, dit alles dra by om veral ons senior-skoliere totaal te vervreem van hul kerk, volk en taal. Hierby kom nog dat ons kinders belet word om Afrikaans in die koshuis of speelgronde te praat."[3] Hoewel laasgenoemde stelling glad nie 'n departementele reël en ook nie goedgekeur

1) Greyling: Die Natalse Ouer en die Opvoeding van sy kind, 13.
2) Report: Educational Statistics, 1947.
3) R.C.V.V. Verslag: Kerkbode; 16.8.1944., 133.

is nie,[1] beteken dit tog dat daar by beleidsverandering feitlik net Afrikaanse kinders in die koshuise sal wees en dus 'n baie hegter samehorigheidsgevoel onderling sal ontwikkel, en die kind nie gedurig voor die probleem te staan moet kom dat daar 'n seksie van die kosgangers is wat byvoorbeeld nie hoef Sondagskool toe te gaan soos in die gemengde oorwegend Engelse koshuis nie; met ander woorde, potensiële sowel as werklike gevare sal verdwyn wanneer die Afrikaanse volk sy kinders in aparte Afrikaanse koshuise kan plaas. Met soveel liberalistiese invloede wat reeds op die kind inwerk, is daar maar geringe waarborg dat die 1400 kinders wat wel na die Sondagskool gaan, ewentueel vir die kerk en dus vir die volk behou sal word. Vir die 1000 wat gladnie Sondagskool toe kom nie, bestaan selfs hierdie geringe waarborg nie. Dit is dan ook in die lig van 'nn moontlike verlies van daardie aspirant-lidmate en die verlies ook van die voorregte en regte wat die Afrikaanse kind in die N.G.Kerkverband kon geniet het, dat die Kerk en die Volk die gedurige nasionale „Nee" gesê het, en hierdie kreet sal bly beoefen totdat die ongewenste toestand verander is.

v. <u>Op die Staat in sy geheel.</u>

Dit is hierdie beleid van „nasionale negasie," wat die Afrikaner verhinder om sy beste vir die staat te bied. „Die man wie se tyd en krag bestee word net maar om 'n teenparty af te weer, wie se lewe heeltemal negatief is, laat jou dink aan 'n voëlverskrikker, wat wel die kwaaddoeners uit die land hou, maar self nie saai of maai of vooruit kom nie. En as ons volk net maar as nasionale voëlverskrikker wil dien, dan vrees ek dat daar van ons nooit iets gaan word nie, want op daardie weg bring ons niks positiefs tot stand nie, ons skep nie,........Die betekenis en die waarde van 'n man en net so ook van 'n volk......is geleë nie so seer in wat hy afweer nie, as wel in wat hy tot stand bring. Ons

1) Enkeldoorn and Schools Commission: 45.

sal ons as volk alleen dan laat gelde wanneer ons iets onlogenbaars as vrug van ons strewe kan aanwys."[1] Dit is dan die begeerte om weg te kom uit hierdie gedurige negasiebeleid, wat die Afrikaner verplig is om te volg, dat hy pleit om 'n stelsel van vrywillige staatsondersteunde moedertaalonderwys, want hy besef dat die houding wat hy nou teen wil en dank moet aanneem, op die duur 'n skadelike uitwerking op die staat en volkskarakter moet hê.. - dit alreeds gehad het. "Ons nasionale gesaaides, ons volksakker is so dikwels bedreig geword,, (dat) ........as daar nou van nasionale werk of volksplig sprake is, dan is by ons die eerste gedagte altyd: Wie is nou weer die aanvaller? Waar moet ons nou keer?.. en dadelik keer ons die gesig na die een of ander waar 'n vyand ons meermaal al aangeval het.....Ons Nasionale standpunt is dus nou dié van verset en weerstand.....dit maak ons onnodig eksklusief, lydelik, bitter, selfs agterdogtig en skelm...En as dit so voortduur, sal ons volkskarakter mettertyd baie lelik gaan word."[2]

Die Afrikaner wil dié gevare nie langer trotseer nie, hy wil nie afsydig staan nie, maar wil saamwerk in belang van die staat in sy geheel. En dit geensins om die beweegredes wat 'n minderheid van die Engelssprekende bevolking meen die Afrikaners in Rhodesië wil bekom nie, soos die Enkeldoornkommissie verklaar het: "We appreciate that many English people are not without blame for keeping social animosity alive, and there is a minority which by its actions, or writings creates ill feeling and distrust between the two races. This attitude is born of a suspicion that some Rhodesian Afrikaners are working for equal language rights in the Colony, for the incorporation of the Colony in the Union of South Africa, its severage from the British Empire, or the attainment of a dominant position in the Colony, by Afrikaners, at the expense of all Rhodesians who sup-

---

1) Prof. N.J. Brummer in Die Naweek, 14.9.1944, 15.
2) Idem.

port the status quo."[1] Die Afrikaner wil, soos aangetoon, geen taalgelykheid in die land hê as dit beteken dat Afrikaans en Engels as offisiële tale gebruik moet word nie. (Dit beteken dit wel as die beginsel van gelykberegtiging van die indiwidu in die land gehandhaaf word.) Die Afrikaner beywer hom ook nie om die Kolonie by die Unie van Suid-Afrika ingelyf te kry nie. Rhodesië het sy eie besondere taak om te vervul in Afrika. Ook wil die Afrikaner Rhodesië nie afgesny hê van die Britse Ryk nie. Hy soek ook geen oorheersende posisie in die land ten koste van die Engelssprekende nie. Maar hy begeer net om die geleentheid gebied te word om die beste wat hy kan lewer, in belang van die hele land, wel te lewer, en dit te laat spreek ten opsigte van enige posisie wat die indiwiduele lede van die volk of die volk in sy geheel mag bereik, vas oortuig dat daarby die staat moet baat. Terwyl dit dan wel waar is wat die Enkeldoorn kommissie getuig: "We believe that the majority (of Afrikaners) is composed of loyal Rhodesians, content to live under the Union Jack, and to accept the fact that there is, and will remain, only one official language, namely English, in the Colony,"[2] bly dit intussen ook waar dat alleen die moedertaalonderwys die Afrikaner die geleentheid sal bied om daardie lojaliteit teenoor Rhodesië op onmiskenbare en gesonde wyse uit te leef.

## 2. ORGANISERING VIR DIE ONDERWYSSTRYD: AFRIKAANSE ONDERWYSINSTITUUT.

Benewens die taak wat die N.G.Kerk het om vir die gees en riting van die onderwys van die Afrikaanssprekende te waak, sal die kerk ook die eerste stappe moet doen om 'n organisasie in die lewe te roep wat sal toesien dat die beleid wel konsekwent uitgevoer word, en wat sal dien tot skakel tussen die Afrikaners en die Departement (of Regering). In hierdie opsig verklaar adv. G.F.de Vos Hugo, sprekende oor die

1) Enkeldoorn and Schools Commission, 89.
2) Idem.

grondslag van die onderwysstryd, dat daar wel so iets is soos volksvryhede wat die Wet van God aan die volk gee en wat die owerheid moet eerbiedig in sy wetgewing. Hy aarsel ook geen oomblik om te sê dat die reg van die kind om deur sy moedertaal onderrig te ontvang, een van daardie volksvryhede is nie. Sulke fundamentele volksvryhede moet die owerheid eerbiedig, omdat die owerheid 'n dienaar Gods is en geen wette moet maak wat indruis teen die wet van God nie. Nou is dit eenmaal 'n feit dat die owerheid geen onfeilbare vertolker van die wet van God is nie. Dus moet die volksvryhede by die owerheid bepleit word en wel deur die enigste liggaam wat daartoe in staat is, naamlik die volk self, „omdat in die gewete van die volk die Wet van God leef - in baie opsigte onsuiwer, maar tog so dat 'n mens daarop peil kan trek." Ter bepleiting van die volksvryhede by die owerheid moet die volk 'n mond hê om deur te praat, en daarvoor moet die volk georganiseerd wees, op die terrein waarop bepaalde volksvryhede, bedreig word, soos in hierdie geval op onderwysgebied.[1] „Die reg van verset kan alleen toekom aan die volk in sy georganiseerde geledinge, d.w.s. aan die volksorganisasies (elk op sy eie gebied) wat daarop aangelê is om die volksvryhede te beskerm en die volk te vrywaar teen tiranieke maatreëls. Die daarstelling van sulke organisasies word dus plig."[2]

In Rhodesië is elk van die verskillende verenigings, die Afrikaanse Kultuurunie, die Rhodesiese Christelike Vroue Vereniging, die Ring van Bulawayo, die Genootsakp van Afrikaners in Rhodesië, elk met sy afsonderlike takke van plaaslike kultuurverenigings, „Vroueverenigings, Kerkrade en Genootskaptakke besig om jaar na jaar die probleem van die onderwys van die Afrikaanse kind in Rhodesië te bespreek, en met 'n petisie of deputasie bevattende hul verlangens na die Departement of regering te gaan. Daar kan dan ook nie

1) Inspan: Mei 1944, 9.
2) Hugo in „Koers" Junie 1944, 210.

aan getwyfel word dat hierdie verenigings wat almal soos uit een mond spreek, wel die Afrikaanse volkswil verteenwoordig nie, en ook wel sekere regte van die Departement in sake Afrikaans op skole verkry het nie. Maar die kern van die saak, moedertaalonderwys, is nog nooit deur die Departement goedgekeur nie - in plaas daarvan dat die kind met sy moedertaal in die aanvangsjare begin en moontlik eers na std. IV na Engels oorslaan en Afrikaans as vak bestudeer, vind die teenoorgestelde nog steeds plaas; dat die kind met Engels moet begin en aanhou, en Afrikaans eers na std. IV as vak in sekere skole, ook net waar die ouers daarom vra, ingevoer word. En solank die verskillende verenigings so „los en vas" van mekaar optree, sal verandering moeilik plaasvind, want die een loop gevaar om deur die Departement teen die ander gebruik te word. Wat dus nodig is, is 'n organisasie van die hele volk wat hom net op die onderwys en al sy vertakkinge in Rhodesië sal toelê - meer bepaald natuurlik die onderwys van die Afrikaanse kind. So'n organisatoriese eenheid moet saamgestel word nie slegs uit verteenwoordigers van die reedsgenoemde liggame nie, hoewel dit ook, maar moet van die grond af opgebou word en as liggaam vir die hele volk spreek, 'n organisasie, die samestelling waarvan by die owerheid baie duidelik bekend is.

As grondslag moet van die beginsel uitgegaan word dat die volk as eenheid beskou moet word uit die organiese oogpunt, en dat die gesin die uitgangspunt daarvan is, met ander woorde, dat die ouer die finale seggenskap het oor die opvoeding van sy kind, soos dan reeds aangetoon is. Heelonder, (en in die hele samestelling kan gelet word op die „skema" soos deur adv. Hugo uiteengesit,)[1] moet as eerste skakel staan die ouervereniging, en so'n vereniging moet daar vir elke skool wees waarin daar Afrikaanssprekende kinders is. „Lede van hierdie verenigings kan wees almal wat kin-

1) Vgl. Inspan, Mei 1944, 9.

ders op skool of Universiteit het, gehad het of sal hê"
Die ouervereniging is een van die onontbeerlike fondamentstene van die hele organisasie, deels omdat die Departement gedurig verwys het na die begeertes van die ouers vanaf die dae toe die eerste deputasie van die Opvoedingskommissie van die N.G.Kerk in 1907 die Departement gaan spreek het, tot na die Onderwyswetgewing van 1938, deels omdat die skool alleen deur die ouer kan bestaan. In verband met die keuse wat dan aan die ouer sou gelaat word om na std. 1V eers te kies of Afrikaans wel ingevoer mag word as vak wanneer die kwaad reeds gedaan is, moet dit ook egter duidelik wees dat die keuse dan alreeds te laat is, al sou hy reg kon kies, „Voor lichaam en geest, voor hart en hoofd, voor de carriere die met het graf en voor de loopbaan die nimmer eindig, volvoert de opvoeding het beslissend deel van haar taak in het tweede zelvental levensjaren. Voor het zevende jaar is de opvoeding meer een spelend plooien. Na het veertiende (std. V, Vl) is de richting van het karakter meestal voor wijziging onvatbaar."[1] Dit wil mens dus voorkom of die „ouerlike"reg wel hier erken word. Maar daar is tog oneindig meer in die onderwys as net die keuse van die ouer. Dit gêld hier gladnie die keuse om te besluit oor die gees en rigting van die skool nie, daaroor het die departement klaar besluit. Dit gaan slegs oor 'n feitlik nuttelose stukkie „reëling" waaroor die ouer dan ook nie altyd bevoegd is om te besluit nie. Dit is immers nie die plig van die ouers om die Departement voor te skryf wat prinsipieel wetenskaplik en opvoedkundig gesond is vir die kind nie....Daar moet die Departement self besluit en reg handel volgens die lig van reeds beskikbare opvoedkundige ervaring dwarsoor die wêreld. Die Broomeverslag van Natal, en die ondervinding van al die Afrikaanse liggame in Rhodesië wat die saak van die onderwys op die hart dra, het

1) Kuyper: „Ons Program," 519.

reeds bewys gelewer dat die ouer in sulke omstandighede van minderwaardigheid enersyds, andersyds onder die atmosfeer van 'n magtiger kultuur en taal, nie maklik reg kan besluit nie - 'n besluit waaraan hy in eerste instansie nooit onderworpe moes gewees het nie aangesien hy glo dat moedertaalonderwys die wil van God is. „Many parents persist in making a choice which in the great majority of cases must necessarily handicap their children," skryf die Broome-verslag,[1] en voeg daaraan toe dat dit uitsluitend die minderheidsgroep is wat <u>verkeerdelik</u> ten gunste van die stelsel van die meerderheid kies..... „As it happens, whereever a <u>wrong</u> choice is made, it is a choice of Englishmedium by Afrikaans-speaking parents,......We must, however, bear in mind that this sound principle of instruction through medium of the mother tongue has, as far as the Afrikaans speaking child is concerned, been systematically violated for years in the past, and this unhealthy practice has taken root."[2] Die keuse word natuurlik gebore uit die vrees dat die Afrikaanse kind andersins nie so goed soos die Engelssprekende kind sal presteer nie, terwyl die Broome-verslag verklaar het - „Given adequate instruction....<u>there is no reason why a child from an Afrikaansspeaking home, educated through the Afrikaans medium and taking English as second language, should not become proficient in English.</u>"[3]

Met ander woorde, die ouer moet gehelp word om reg te besluit, en dit is die eerste taak van die Onderwysdepartement as dit werklik 'n departement van <u>opvoeding</u> en nie van politiek en anglisering wil wees nie.

Indien die Departement nie geneë is om dié raad aan die ouer te verskaf nie, dan moet die volgende liggaam in die organisasie dit wel doen, naamlik die distrik - of adjunkonderwysraad waarin vir bepaalde

1) Vgl.: E.Greyling: Onderwystoestande in Natal, 8,9.
2) Idem, 10. [illegible] 10.
3) Idem, 12.

areas die ouerverenigings of onder Afrikanerliggame wat belang by die onderwys het, saamgebind word; dié raad bestaan dan uit verteenwoordigers van sodanige verenigings en liggame. Dit sal verseker dat elke distrik sy eie probleme kan bespreek en in die lig van die omstandighede by die gemeenskap kan aanpas. So sal die myndistrik Lusaka se probleme heelwat anders wees as dié van die landelike distrik Melsetter of die fabrieks distrik Bulawayo of Salisbury; en elke adjunkraad sal sy besondere werk hê om te verrig.

Die adjunkrade word weer saamgebind in 'n sentrale onderwysraad vir die hele kolonie, wat bestaan uit verteenwoordigers van die adjunkrade en van die kerk en die onderwysvereniging en 'n klompie uitgelese onderwysmanne. Hierdie sentrale onderwysraad vorm dan die Afrikaanse instituut vir opvoeding en onderwys wat as volmagtige by monde van die Hoofbestuur na die Departement en Regering kan gaan. Dit behoort 'n gesonde toestand van sake af te gee, want die owerheid kry nou die geleentheid om met 'n gesaghebbende onderwysliggaam uit die volk voeling te kry, en die volk kom weer georganiseerd te staan teenoor die owerheid en kan sy stem op doeltreffende wyse by die owerheid bekend maak.[1)]

By so'n organisasie moet daarop gewys word dat die bestaande „Schools Advisory Boards" as statutêre liggame en as deel van die hiërargie van onderwysowerhede, buitekant die volksorganisasie gelaat moet word. In baie gevalle sal die leiers in die ouervereniging ook in die „School Boards" wees, en dit is dan ook waar die volksorganisasie en die owerheid in harmonie met mekaar is – „hier op die onderste laag van die samelewing waar die band tussen owerheid en onderdaan soms die ruuste knel."[2)] So'n ouervereniging sal nie teen die „School Boards" bots nie, veral as in aanmerking geneem word dat die laasgenoemde maar weinig mag in die Rhodesiese stelsel geniet. In die tweede plek

1) Inspan: Mei 1944, 29.
2) Idem.

moet beklemtoon word dat die organisasie suiwer opvoedkundig moet wees en dit vrywaar teen enige politieke nuanses. Dit sal die eerste waarborg wees vir doeltreffende funksionering en die beste hoop dat met die owerheid tot 'n bevredigende oplossing geraak sal word. Die owerheid behoort en sal ongetwyfeld ook so'n organisasie verwelkom, want dit skep die geleentheid om die hele saak met 'n gesaghebbende liggaam uit die volk te bespreek. Dit mag aanvanklik moeilik gaan om die geskikte persone te kry, maar die Afrikaner het reeds die stadium bereik waar die geestelike, kulturele en finansiële pioniersarmoede grootliks iets van die verlede is. Op elke gebied is daar vandag manne en vroue wat hul gewig by die saak sal ingooi, as dit reg georganiseer word.

Maar veral oor die toekomsmoontlikhede van so'n organisasie bestaan daar geen onsekerheid nie, want dit is nie net 'n organisasie van 'n tydelike aard nie. Wanneer die volk in sy moedertaal die opleiding geniet met al die fasiliteite reeds tot sy beskikking in die land, beteken dit dat daar baie meer indiwiduele Afrikaners hul stempel op die land gaan afdruk, sommige wat na universitêre studie terugkom na Rhodesië, ander wat vol selfvertroue na die skooljare hul plek in die samelewing inneem. Dan begin die kringloop van 'n gesonde onderwysstelsel dwarsdeur die volkslewe, net soos die onopvoedkundige stelsel vandag, dit ten kwade doen. Die een sal die ander voed en opvoed. "Ten einde sy werk doeltreffend te kan doen, moet die volksorganisasie nie net na boontoe pleit vir die regte wat vir die volk dierbaar is nie, maar hy moet ook na onder toe werk om die volk op te voed tot 'n waaragtige waardering van sy vryhede (en regte) op onderwysgebied. So kom daar helderheid na boontoe en na ondertoe en kan daar doeltreffend vordering gemaak word in verband met sake waarvan die heil van ons volk tot 'n baie groot mate afhang."[1] So'n organisasie is dan ook die beste

1) Hugo: in Inspan, Mei 1944, 29.

middel om die volk op te voed om sy vryhede op onderwysgebied by die owerhede aan te vra, dit dan te waardeer, daarvoor te offer en daarvoor te stry.

3. BESONDERE TAAK VAN DIE N.G.KERK IN RHODESIË.

Die vernaamste onmiddellike taak van die Kerk as organisme is dan om so'n organisasie te laat ontstaan, aangesien die Kerk meer in kontak met die ouers as enige ander vereniging is en ook die deur die owerheid erkende liggaam is, wat waak vir die belange van die volk op onderwysgebied. Maar die Kerk sal nie sy leraars kan gee om die werk behoorlik te behartig nie.

Daarvoor het die Kerk as instelling reeds te veel om te doen.[1] Deskundige amptenare is in ieder geval nodig. So'n organisasie se eerste taak sal wees om die owerheid te beweeg om die wetgewing - wat in ieder geval lankal hersien moes word - te verander; om statistiese gegewens te versamel as die Departement dit nog nie gedoen het nie, en om daardie statistieke na analogie van die volksgroei te interpreteer; om toe te sien dat behoorlike inspeksie van skole sal geskied, en uitvoering gegee sal word aan gesonde aanbevelinge in daardie rapporte. Vir hierdie doel sal moontlik weer nodig wees 'n addisionele amptenaar in die Departement wat die Afrikaanse taal ken en verstaan en met die Afrikaanse volk een voel in hulle strewe en opvoedkundige onbetwisbare regte, en wat onder andere ook as beroepsvoorligter kan optree en Toetse kan afneem.

In samewerking met die Kerk wat die enigste besitters is van kerksale wat gewoonlik tot vergadersale van die Afrikaanse geledere gedien het en nog dien, kan so'n organisasie voortgaan met die behartiging van die onderwys vir volwassenes, veral om leiding te gee in die vryetydsbesteding van die jeugdiges wat so pas die skool verlaat het. In hierdie opsig doen nie alleen die suiwer kerklike vereniginge soos die

1) Vgl. Zambesi Ringsblad, Desember 1945, 6.

Kinderkrans, Strewers, die Vroue-Sendingbond en die Kerkrade self goeie werk nie, maar ook die baie ander verenigings wat wel onafhanklik is maar hulle onder die vleuels van die kerk skaar, soos die Kultuurverenigings, Christelike Jongeliede Verenigings, R.C.V.V., Volkspele en Jukskeilaers, die Afrikaner-Genootskap en dies meer.

En op skool self moet die Kerk die behoorlike toesig oor die behartiging van die Godsdiensonderwys hou, immers word hy daartoe deur die staat gemagtig.

Intussen wag die belangrikste taak die Kerk: om al die organisatoriese en opvoedkundige aangeleenthede te sien en aan die Volk te vertolk in die lig van die Roeping wat die N.G.Kerk en die Afrikaanse volk bestem is om in Afrika te vervul.

Dit sal die kerk se plig wees om te waarsku teen alle magte wat dreig om daardie Gods Bestel te ondermyn vir so ver dit die aandeel betref, wat sowel die Afrikaanse as die Engelse volksdeel, as blanke bevoorregtes, het in die opbouing en beskawing van die inboorlingrasse van Afrika. Driehonderd jaar gelede het Van Riebeeck daarmee begin, maar dis pas eers 50-60 jaar gelede dat die Afrikanervolk in alle erns hom daarop kon begin toelê. In hierdie beginstadium verkeer die blankes nog, en die verantwoordelikheid sedert 6 April 1652 het geensins verminder nie. Byna gelyktydig met die ontwaking van die Afrikaanse kultuur en taal is daar die ontwaking van die naturellebevolking van Afrika. Hulle is albei die erfgename van Suidelike Afrika. As instelling van Christus sal die N.G.Kerk moet waak vir die eersgeboortereg van elkeen en die weg ter oplossing van enige moeilikheid of ondermyning aantoon deur steeds te waarsku. "So sê die Here" of „Daar staan geskryf," „en Dit het geskied." En daarom mag die kerk ook nie ophou vermaan teen sulke volksondermynende gevare soos Sabbatsontheiliging, staatslo-

terye, verslapping van die sedelike en morele verpligtinge, onkunde oor die aard en wese van die Afrikanervolk en die blanke se roeping in Rhodesië en in Afrika en teen enige stelsel wat nie deur sy onderwysmaatreëls trag om hierdie gevare vir die volk wakker te hou nie. Dit dan kragtens die Heilige Skrif waarin die Here spreek.

Maar verder, mag die N.G.Kerk ook nooit nalaat om die hand van die Here te erken in die ontwikkeling van die volksgebeure in Suidelike Afrika nie. Op die pad van Suid-Afrika noordwaarts sal tot begeleidende rigsnoere vir die Afrikaanse kerk dien sowel die Heilige Skrif as hierdie volksgeskiedenis. „Historie en Heilige Schrift, gelijk zij, onder den verbeurden zogen eener langmoedigheid die alle berekeningen overtreft, eenstemmig en vereenigd, den boetvaardigen zondaar wijzen op Hem die, met den glans zijner volmaaktheid, ook op nederlandschen (Suid-Afrikaanse) bodem zich heeft geopenbaard: wiens belofte en bedreiging: die Mij eeren zal Ik eeren, maar die Mij versmaden zullen licht geacht worden, vervuld werd, in de uitgestrektheid van den zegen, waardoor een volk, dat nauwelijks een volk was, tot een eersten rang onder den mogendheden verhoogd is......"[1) ] En in daardie Volksgeskiedenis self sien en getuig die Kerk van die stryd en oorwinning van die Afrikaanse volk op onderwys - en taalgebied en mag die Kerk ook nie ophou om in die noordwaartse beweging van die nasie met woorde en met dade te waarsku nie : „So sê die Here" en „Dit het geskied", teen die veronregting van die moedertaal van daardie volk en die miskenning van 'n volksvryheid - die volkstaal - wat hom reeds deur God geskenk is.

En hy doen dit met die vaste wete dat volhouding van die huidige stelsel niks anders as verderf sal saai vir albei volksdele in Rhodesië nie, maar ook met die hoopvolle verwagting, dat, terwyl daar nog 'n

1) Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, XVIII.

„British Fairplay" is waarop hy hom kan beroep, terwyl daar soveel gesonde opvoedkundige gronde vir 'n wysiging in die huidige onwetenskaplike stelsel is, terwyl dit die Engelssprekende bevolking geen greintjie skade sal berokken nie, daar spoedig 'n verandering sal kom in die onderwyswetgewing van die jong land van die toekoms waar dit nie aan geld, manne- en daadkrag, ontbreek om van daardie verandering 'n landseën en - sukses te maak nie.

4. SAMEVATTING EN SLOT.

Vir die Afrikaanse bevolking en vir die N.G.Kerk is daar net een stelsel waarvoor die kerk hom nog al die jare beywer het en dit is die moedertaalonderwysstelsel wat hoewel opvoedkundig vir die Engelse kind onderskryf en aangebied word, vir byna 2500 Afrikaanse kinders in Suid-Rhodesië uit 'n totaal van omtrent 11,000 absoluut geweier word. En dit terwyl die Afrikaner nie alleen opvoedkundig die volste reg op gelykberegting in Rhodesië het nie, maar ook histories op daardie reg aanspraak kan maak - kragtens die wyse waarop dié Kerk en dié Volk en die verlede sy plig nagekom het, asook kragtens die aandeel wat die Kerk en Volk geneem het aan die ontginning van Rhodesië en die beloftes en veronderstellinge wat met daardie ontginning gepaard gegaan het.

In hoofstuk VII is die aard van so'n moedertaalstelsel bespreek en in hierdie, die laaste hoofstuk, is die toepassing en die besondere wyse van uitvoering van hierdie stelsel in Rhodesië bespreek as een van die verantwoordelikhede van die kerk tot tyd en wyl 'n behoorlike organisasie in die lewe geroep is. Daar is aangetoon dat die maatreëls wat die kerk reeds aangewend het om die so noodsaaklike moedertaalonderwys vir die Afrikaanse kind te verskaf, te wete die Daisyfield-inrigting en die N.G.Kerkskole te Bulawayo, sowel as die verskaffing van beurse en die aanmoediging van ouers om, trots die koste daaraan ver-

bonde, hul kinders na die volksskole in die Unie te stuur, dit slegs wanhoopsmaatreëls is wat 'n uiting is van die nasionale verset, - 'n volksnegasie wat sowel die volk as die staat skade berokken. Die enigste uitweg uit die onbillike toestand waar die beginsel van regsoewereniteit self geskend word deur 'n archaiëse wetgewing, is dat die wetgewing verander sal word en die staat self die volle verantwoordelikheid aanvaar om moedertaalskole en moedertaalonderwys, waar die skole nie beskikbaar is nie, te verskaf. Die besware van die Departement is nie onoorkomelik nie, en die Afrikaner sal teovinde wees vir nog groter bydraes as wat die geval was met die grootse onderneming van die verskuiwing van Daisyfieldse Kindertehuis na Salisbury. In ieder geval glo die Afrikaner dat 'n skoolgeldvrye onderwysstelsel geen gesonde ekonomiese beleid is nie.

Om die staat in hierdie taak te help, is 'n kragtige en wetenskaplik onderrigte en onderlegde opvoedingsorganisasie nodig wat met gesag kan optree en as verteenwoordigende liggaam van die Afrikaners by die Departement van Onderwys en Regering die behoeftes en begeertes van die volk bekend kan maak. In so'n organisasie sal die Kerk ook wel sy verteenwoordiging hê om so saam met die ouer oor die welvaart van sy kind en die rigting en gees van die skool vir daardie kind te besluit. Terwyl die Kerk aanvanklik help met die tostandkoming van so'n organisasie, sal hy hom mettertyd meer op sy besondere terrein terugtrek vanwaar hy die Heilige Skrif en die geskiedenis van die volk as die openbaringe van God se ordonnansies a die Afrikaner en wie ook al daarna wil luister, voorhou en verkondig.

Die besondere terrein van die opvoeding en die onderwys mag en sal die N.G.Kerk as organisme egter nooit aan sy lot oorlaat nie - allermins solank die Afrikaanse volk gebuk gaan onder 'n stelsel wat hom sy eersgeboortereg van onderwys en ontwikkeling in

die moedertaal, in die nasionale volksverband en gereformeerde kerkverband ontsê en dreig te beroof. Vir die erkenning van hierdie taal in die hele onderwys van sy kind sal hy steeds moet waak en tot troos neem die woorde van Beets: "Ik acht den men gelukzalig wien het gelukt zich omtrent zijn moedertaal verdienstelijk te maken. Alle wegen, die wij daartoe kunnen inslaan .....zijn schoon en aangenaam; laat ons elkander de hand reiken; wij zullen soms struikelen, en soms de voet stooten aan den steen, maar gaan wij nietomin voort; wij hebben aanspraak op terechtwijzing, wij hebben aanspraak op bemoediging."[1] Ook sal die N.G.Kerk in Rhodesië bly streef totdat die volkskole in harmonie met God se ordonnansie sal ontwikkel, in harmonie met die nasionale aard van daardie kind, in harmonie met die werkkring waar die kind sy brood sal verdien of sy talent sal vertoon, in harmonie met die persoonlikheid van die kind self wat as geestelike wese, "om het nu eens in wel zeer gebrekkige, maar dan toch sprekende cijfers uit te drukken, hoogstens 80 a 90 jaren hier en minstens 80 á 90 eeuwen elders zal te leven hebben."[2] So sien die kerk dan "de school (als) een rad van het werktuig, niet de werktuig zelf. En dan eerst zal ze goed, dan aan haar doel beantwoorde zijn, indien ze, in harmonie met al deze overige raderen de vere van het kinderhart niet meer overspant of schreef trekt, maar geregeld werken doet in de lijn, waarlangs de eeuwige persoonlijkheid, d.i. de mensch in het kind, zich beweegt."[3]

1) SJ. Du Toit: 71 Thesis of Stellinge (Voorwoord)
2) Kuyper: Ons Program", 469.
3) Idem.